VERMEER Joan Amy â€ 21 Aug 2009 ID 210103 0006 08 8 van 23 Musgrave  
Heights, Musgrave Road Durban .ESTATE Nr. 15381 /2009/DBN. TATE  
NOLAN & KNIGHT Posbus 201181 Durban Noord . TEL:- 031 5631874.

WALKER Thelma Felicia ID 210511 0089 08 8 â€ 2 Julie 2009 van 309  
Fairydene Village Malvern . ESTATE Nr. 10850/ 2009/PMB. T R HOWARD  
Posbus 372 Westville 3630.

YOUNG Alexander Brodie ID 440624 5066 08 4 â€ 23 Nov 2009 van  
Deanside Road , Hayfields Pietermaritzburg . ESTATE Nr. 13423/2009.  
FNB TRUST SERVICES Posbus 13527 Cascades 3202.

Gegroet uit Durban waar dt alweer droog is. Van die reen was dit net  
paar druppels.  
Rita Quebbemann

11a. Erasmus

Posted by: "Annemie Lourens" annemie.lourens@yahoo.com

annemie.lourens

Sun Oct 10, 2010 1:02 am (PDT)

Goeiedag Lede.

Kan enige van die Erasmus familie navorsers my dalk help met meer inligting oor die egpare.

1. Johannes Jacobus van Bosch +1921 getroud met Marice Carharina Erasmus.

2. Willem Hermanus van Bosch + 1933 getroud met Anna Jacoba Erasmus

Groete

Annemie Lourens

12a. De Beer

Posted by: "Annemie Lourens" annemie.lourens@yahoo.com

annemie.lourens

Sun Oct 10, 2010 1:51 am (PDT)

Goeiedag lede

Ek soek inligting oor die volgende egpaar.

Enige hulp sal waardeer word.

Groete

Annemie Lourens

DEPOT TAB SOURCE MHG TYPE LEER VOLUME\_NO 0 SYSTEM 01 REFERENCE 61861  
PART 1 DESCRIPTION DE BEER, AMALIA AUGUSTA. (BORN VAN BOSCH).  
STARTING 19260000 ENDING 19260000 REMARKS SURVIVING SPOUSE SAMUEL  
JACOBUS DE BEER



Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4540

Datum: Sun Oct 10

Daar is 20 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir mense m From: Daniel Jacobs
- 1b. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men From: Johann Hanekom
- 1c. SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD. From: Johan Vermeulen
- 1d. RE: [SA-Gen] SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD. From: Francois Greeff
- 1e. RE: [SA-Gen] SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD. From: Johan Vermeulen
- 1f. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men From: Ferdie van Wyk
- 1g. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men From: Johann Hanekom
- 2a. Nel en Potgieter Voorsate From: hennie.nel@webmail.co.za
- 3a. Potgieter From: Charlie Els
- 3b. Re: Potgieter From: Johan Barkhuizen
- 4a. Re: TANNIE DALENE WESSELS VAN BOSHOFF From: Henning Noeth
- 5a. Moordenaarsesse in SA From: Willeen Olivier
- 5b. Re: Moordenaarsesse in SA From: Charlie Els
- 5c. Re: Moordenaarsesse in SA From: Willeen Olivier
- 5d. Re: Moordenaarsesse in SA From: Dennis Pretorius
- 5e. Re: Moordenaarsesse in SA From: Annemarie van den Doel
- 6.1. Begrafnisbrief From: Fanie Blignaut
- 7. ]Koerant] Sunday Tribune 10 Oct 2010 (10-10-10 ) From: aletta magrieta.quebbemann
- 8. Vir Daniel Jacobs en ander From: Simon Wessels
- 9. Paarl se Parys begraafplaas: 16 Okt 2010 From: Alta Griffiths

1a. Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir mense m

Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com

danielmalanjacobs

Sun Oct 10, 2010 5:01 am (PDT)

Beste Vriende

Ek het op Saterdag 2 Oktober by 'n byeenkoms van die Malan-familie wat op

Franschhoek gehou is, gesels oor die onderwerp

\*Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir mense met o.a.

\*\* \*\*verwysings na my Malan-voorouers.\*

\*

\*

Die praatjie is te lees by

<http://www.facebook.com/album.php?aid=285609&id=723756666&l=c9e112a9df>

Iets van algemene belang waarna ek verwys het is 'n interessante boek wat ek onlangs gekoop het en waarna in die volgende aanhaling verwys word:

"Ek het onlangs by 'n boekstalletjie in St Georges Mall in Kaapstad 'n boek

gekoop met die titel Journey into Yesterday, South African Milestones in

Europe, wat in 1962 gepubliseer is en geskryf is deur ene Roy MacNab. In die

boek beskryf hy besoeke aan bakens in Europa wat betrekking het op Suid-Afrika. Die bakens het nie net betrekking op Afrikaners nie, maar een

van die Afrikaner-bakens wat hy besoek het was Merindol in Suid-Frankryk .

Oor Jacques Malan se nasate sê hy die volgende: "His descendants have been

numerous and are today distinguished in many aspects of South African life.

Like the De Villiers family, they have a strong sense of family; they are

interested in their forbears, have chronicled their history, and they like

to seek out those earlier roots still to be found in Europe." Daar is o.a.

ook 'n bespreking m.b.t. 'n Van der Merwe baken in die boek.

Nog iets van algemene belang is die volgende:

"Naas die feit dat Malan nou al vir vyf geslagte 'n voornaam in ons familie

is, het die van reeds van kindsbeen af ook om ander redes 'n baie positiewe

assosiasie by my opgeroep. Soos bv. ook die van De Villiers 'n positiewe

assosiasie oproep. In 1965 het Eric Rosenthal in sy boek South African

Surnames bv. genoem dat daar 60 000 Van der Merwes en 21 000 De Villierse in

die bevolkingsregister was. Hy noem egter ook dat daar 47 dokters met die

van De Villiers teenoor 49 met die van Van der Merwe was. Alhoewel daar dus

bykans drie maal meer Van der Merwes in Suid-Afrika as De Villierse was, was

hulle verteenwoordiging in die mediese beroep dieselfde. Die rede waarom die van De Villiers 'n positiewe assosiasie oproep is beslis omdat dit 'n Afrikaner-familie is wat volgens menslike maatstawwe buite verhouding tot hulle getalle presteer het.

Die feit dat die van Malan 'n positiewe assosiasie by baie Afrikaners oproep, hou o.a. verband met die feit dat die familie manne soos Genl. Wynand Malan - Emily Hobhouse het gesê dat van alle boere generaals hy die grootste indruk op haar gemaak het, Senator FS Malan, Dr DF Malan, "Sailor" Malan wat tydens The Battle of Brittain in die Tweede Wêreld Oorlog groot roem verwerf het en Genl Magnus Malan opgelewer het. Dan was bv. ook die bekende skrywer Herman Charles Bosman se Ma mos 'n nooi Malan. Dit hou ook verband met die feit dat baie Afrikaners weet dat dit 'n Hugenote van is en weens die feit dat die Hugenote afstammeling 'n baie groter positiewe invloed op die Afrikaner gehad het as wat 'n mens van hulle in terme van hulle getalle sou verwag het, roep die aanhoor van veral die meer bekende Hugenote vanne 'n positiewe assosiasie by Afrikaners op.

Laat my asseblief net toe om kortliks af te dwaal van die onderwerp: Ek het tot onlangs aanvaar dat Dr JA Heese se berekening van die Afrikaner se bloedsamestelling teen 1807 die mees akkurate berekening in die verband was. Daarvolgens sou dit 14.6% gewees het. Ek het egter intussen verneem dat 'n berekening wat gemaak is deur Prof. de Bruyn, 'n professor in Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch, as meer akkuraat beskou word. In 'n artikel wat in die Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 16, 1 April 1976 verskyn het, dui hy dit as volg aan:

Nederlands - 34.1%  
Duits - 29.2%  
Frans - 24.7%  
Brits - 0.3%  
Ander Europees - 2.4%  
Nie-Europees - 5.4%

Onbekend - 3.9%

Sonia van Heerden het ook in 'n boodskap wat op 20 Augustus 2009 op die South Africa Rootsweb-poslys verskyn het, genoem dat slegs 178 van die 280 Hugenote nasate gehad het. Dit is fassinerend om te dink dat so 'n klein getal individue teen 1807 reeds 24.7% van die Afrikaner se bloedsamestelling uitgemaak het. Ek is nie 'n wiskundige nie, maar my vermoede is dat Hugenote vandag nog waarskynlik om-en-by 20% van die Afrikaner se bloedsamestelling uitmaak."

Die volgende perspektief m.b.t. "grand vanne" is ook die volgende:

"Dan moet ons dit ook in gedagte hou dat daar mense is met vanne wat geen onmiddellike positiewe assosiasie oproep nie, maar wat alhoewel hulle ook dalk nie van adellike afkoms is nie, adellike karakters het." Dan vertel ek van twee sulke mense wat al my pad gekruis het.

Vriendelike groete

Daniel Jacobs  
www.gendata.co.za

Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)  
Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)  
Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)  
Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)  
De Vos (De Doorns/Wellington)  
Malan (Wellington/Zeerust)  
Ungerer (Swellendam)  
Smith (Wellington)

1b. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men

Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org johann.hanekom  
Sun Oct 10, 2010 7:55 am (PDT)

Beste lysvriende

Daniel se skrywe laat my dink aan iets wat my onlangs baie opgewonde gemaak het. Ek en my vrou was die laaste week van September in Duitsland, hoofsaaklik om ons kinders daar te besoek.

Eers so 'n stukkie familiegeskiedenis as agtergrond. Jürgen HANEKOM, ons stamvader, is omstreeks 1688 in Rathlosen (naby Sulingen in die huidige Nedersakse) gebore. Hy was die tweede seun van Hinrich HANNEKOHM, en het in Augustus 1706 in die Kaap geland, met 'n (Suidafrikaanse?) meisie getrou, en 'n familie begin. Oor die familie kan niks verder terug as omtrent 1720 opgespoor word nie, aangesien al die kerkrekords in Sulingen verlore gegaan het toe die dorp in 1719 amper heeltemaal afgebrand het. Jürgen eerste kind was 'n dogter, Sara. Soos die toeval(?) dit wil hê, is my tweede naam Jurgens, en die van my tweede seun Heinrich. Hy het homself in Augustus 2006, amper tot die dag 300 jaar later, permanent in Duitsland gevestig, met 'n Duitse meisie getrou, en 'n familie begin. Hulle eerste kind is 'n dogter met die name Liv Mia, en hulle woon in Bielefeld, omtrent 100km vanaf Rathlosen.

Heinrich, as die eerste en enigste HANEKOM wat tans in Duitsland woon, is nou op sy beurt stamvader, want die familienaam het met die loop van die tyd verander in HANNEKUM. Die naam word nog redelik dikwels in omliggende dorpe aangetref, en in Rathlosen self woon etlike families waarvan die moeders as HANNEKUM gebore was.

My swaer het tot by sy onlangse aftrede nog by die Landesvermessung Niedersachsen gewerk, en op 'n kaart van Sulingen en omgewing (insluitende Rathlosen) afgekom wat in 1771 publiseer is, en vir my 'n kopie daarvan bekom. Dit toon elke plaas wat tydens die opname in Rathlosen bestaan het, en verskil bitter weinig van die dorp soos dit vandag daaruit sien. Dit was die eerste groot en aangename verrassing.

Nou die opgewonde part. Tydens ons besoek in Duitsland het my swaer ons vir

'n dag Rathlosen toe geneem, om 'n afspraak na te kom met een van die HANNEKUM nasate wat ek onlangs oor die internet leer ken het, en wie nog in die dorp woon. Op pad soontoe het ons in Sulingen die St Nicolai kerk besoek waar die HANNEKOMS gedoop was, en daar afgekom op 'n skildery van die predikant wat Jürgen en sy voorsate moes gedoop het, en in 1709 self oorlede is na 20 jaar in die gemeente.

Die besoek aan Rathlosen het nog meer opgewondenheid veroorsaak, want ek het daar kennis gemaak met 'n dame, gebore HANNEKUM, wat in 1961 besoek van 'n (onbekende) HANNEKOM ontvang het, en hom glo gaan wys het waar die oorspronklike Stammhaus tot in die laat 1950's nog bestaan het. Met haar aanwysings het ons gou by Rathlosen 7 uitgekom.

Die eerste persoon wat ons daar aangetref het was die boer se vrou, en tot my skaamte was ek so opgewonde omdat ek op hierdie stambaken gestaan het, dat ek nie haar naam bekom het nie. Sy beduie toe na twee geboue ('n bakhuis en 'n skuur), albei in die Niedersachsenhaus-styl gebou, wat nog oorgebly het van die oorspronklike plaasgeboue. Genoeg om 'n mens se knieë lam te maak! Terwyl ons nog met haar gesels het oor ons sending sluit haar man by ons aan, maar loop sonder 'n woord weer weg. Hy kom egter amper dadelik weer terug met 'n omslag vol dokumente, onder andere met lyste wat die name van plaaseienaars vanaf omtrent 1668 toon, tesame met die grootte van hulle grondbesit!

Terwyl ons nog so deur die dokumente blaai, verdwyn sy vrou op haar beurt, maar kom ewe gou weer terug met 'n lugfoto van die plaas waarop die twee oorspronklike geboue te sien is, maar meer as dit - ook die oorspronklike opstal waar onse Jürgen die wêreld ingekom het!

Ek sukkel nog om dit alles in te neem, en dit wat ek alles daar uitgevind het sinvol te verwerk vir publikasie op ons webwerf. Ek probeer ook nog om afskrifte van al die dokumentasie te bekom wat ons gesien het.

Hoe beskryf 'n mens die ondervinding? Ek weet nie, ek is nog spraakloos!

Groete

Johann

>-----Original Message-----

>From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]

>On Behalf Of Daniel Jacobs

>Sent: 10 October 2010 13:01

>To: sagenealogie

>Subject: [SA-Gen] Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te

>maak vir mense met o.a. verwysings na my Malan-voorouers

>

>Beste Vriende

>

>Ek het op Saterdag 2 Oktober by 'n byeenkoms van die Malan-familie wat

>op

>Franschhoek gehou is, gesels oor die onderwerp

>\*Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir mense met

>o.a.

>\*\* \*\*verwysings na my Malan-voorouers.\*

>\*

>\*

>Die praatjie is te lees by

><http://www.facebook.com/album.php?aid=285609&id=723756666&l=c9e112a9df>

>

>Iets van algemene belang waarna ek verwys het is 'n interessante boek

>wat ek

>onlangs gekoop het en waarna in die volgende aanhaling verwys word:

>

>"Ek het onlangs by 'n boekstalletjie in St Georges Mall in Kaapstad 'n

>boek

>gekoop met die titel Journey into Yesterday, South African Milestones in

>Europe, wat in 1962 gepubliseer is en geskryf is deur ene Roy MacNab. In

>die

>boek beskryf hy besoeke aan bakens in Europa wat betrekking het op

>Suid-Afrika. Die bakens het nie net betrekking op Afrikaners nie, maar

>een

>van die Afrikaner-bakens wat hy besoek het was Merindol in Suid-Frankryk

>.

<knip>

1c. SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD.  
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa  
Sun Oct 10, 2010 9:17 am (PDT)

Beste vriende,  
Ek was in 1956 in die Sekondêre Skool, Stanford, in st. 8. Die skool  
is tans  
bekend as die Okkie Smuts Laer skool, Stanford.  
Die skoolgebou is hierdie jaar 100 jaar oud.

Graag verneem ek of enige van ons lyslede dalk kan help met van die  
volgende  
van my klasmaats.

Sovêr ek kon vasstel is hierdie klasmaats reeds oorlede :

David Jacobus DE VILLIERS, \* Stanford 6.9.1940.  
Hy was getroud met Johanna Catharina CROUS, \* 24.7.1938.

Jacobus Roeland OLLEWAGEN, \* Hertmanus 12.2.1940, oorlede ca 2009.

Stephanus Johannes Fergottini VORSTER, \* 24.9.1940

Petronella Hendrina DE VILLIERS, \* Stanford 1.2.1940

Martha Elizabeth JOUBERT, 16.1.1941.

Ek sal graag wil bepaal waar ek op watter datums hierdie persone  
oorlede is,  
indien hulle getroud was besonderhede van hul huwelikmaats wil  
bekom.

Baie dankie.  
Groete  
Johan Vermeulen.

20:34:00

1d. RE: [SA-Gen] SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD.  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk  
Sun Oct 10, 2010 10:50 am (PDT)



'n Magdom van ons Familie Geskiedenis lê opgesluit in die geheue van ons skoolmaats. Die mense wat ons lewens deel is, op eie manier, deel van ons uitgebreide familie.

Facebook is 'n idiale medium om klasmaats bymekaar te kry en bymekaar te bring. Ek is administrateur van my skool se Facebook groep, en jy kan gerus daarna kyk om te sien hoe verskillende mense bydra tot die sukses van die groep.

<http://www.facebook.com/group.php?gid=3401055161>

Facebook is ook gepas vir 'n Familiegroep:

<http://www.facebook.com/group.php?gid=2348417716>

Groete,  
Francois

---

Francois Greeff, 36 Aston Road, London, SW20 8BE, United Kingdom  
Phone: 0044 20 8123 4224. Mobile 0044 79 6372 2345. Skype:  
Greefffrancois.  
Greeff Family Web Site: <<http://www.Greeff.info>> [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

From: Johan Vermeulen [mailto:[jverm@lantic.net](mailto:jverm@lantic.net)]  
Sent: 10 October 2010 17:18  
To: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
Cc: 'BUITENPOSTEN'  
Subject: [SA-Gen] SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD.

Beste vriende,  
Ek was in 1956 in die Sekondêre Skool, Stanford, in st. 8. Die skool is tans bekend as die Okkie Smuts Laer skool, Stanford. Die skoolgebou is hierdie jaar 100 jaar oud.

Graag verneem ek of enige van ons lyslede dalk kan help met van die volgende van my klasmaats.  
Sovêr ek kon vasstel is hierdie klasmaats reeds oorlede :

David Jacobus DE VILLIERS, \* Stanford 6.9.1940.  
Hy was getroud met Johanna Catharina CROUS, \* 24.7.1938.

Jacobus Roeland OLLEWAGEN, \* Hertmanus 12.2.1940, oorlede ca 2009.

Stephanus Johannes Fergottini VORSTER, \* 24.9.1940

Petronella Hendrina DE VILLIERS, \* Stanford 1.2.1940

Martha Elizabeth JOUBERT, 16.1.1941.

Ek sal graag wil bepaal waar ek op watter datums hierdie persone oorlede is, indien hulle getroud was besonderhede van hul huwelikmaats wil bekom.

Baie dankie.  
Groete  
Johan Vermeulen.

20:34:00

1e. RE: [SA-Gen] SKOOLMAATS, 1956 Sekondêre Skool, STANFORD.  
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa  
Sun Oct 10, 2010 11:20 am (PDT)

Francois,

Baie dankie vir jou antwoord.

Die skool het ook op Facebook fotos en inligting van die skool oor die afgelope 100 jaar geplaas.

Op uitnodiging van die skool het ek lid van Facebook geword.

Veral ek wat in 'n klein skool op Stanford, waar al vier my voorgeslagte, sommige voordat Stanford as dorp verklaar is, gewoon het was baie van my skoolmaats nie net maats nie maar ook familie. In st. 8 was ons slegs 19 kinders. Nege van die 19, (3 VERMEULENS), was naby familie.

Ons as genealoë kan ook kennis neem dat skoolrekords ook wonderlike genealogiese inligting bevat.

Die sekretaresse by die skool is juis tans besig om al die VERMEULEN en MOORE kinders wat oor die jare as skoliere ingeskryf is se inligting vir my uit te haal.

Groete

Johan.

1f. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men

Posted by: "Ferdie van Wyk" ferdiew@telkomsa.net vanwykferdie  
Sun Oct 10, 2010 12:25 pm (PDT)

Goeienaand Johann,

Baie geluk met die raakloop van sulke wonderlike informasie en dokumentasie.

Ons by N-Tvl Tak praat van die "hoendervel oomblik" Met jou toestemming sal ek graag die storie in een van ons nuusbriewe insluit. Ons ht al wonderlike ander hoendervel oomblikke publiseer.

Beste groete

Ferdie van Wyk

Navorser: Die van Wijks van die Tarka en die van der Walts van Colesberg

Centurion, Selfoon: 082-556-8031

[www.tarkavanwijks.com](http://www.tarkavanwijks.com)

1g. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men

Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org johann.hanekom  
Sun Oct 10, 2010 12:36 pm (PDT)

Hallo Ferdie

Julle is welkom om dit te publiseer.

Net om aan te sluit by my relaas, hier is 'n skakel na die Landervermessung Niedersachsen

[http://www.lgn.niedersachsen.de/live/live.php?navigation\\_id=11016](http://www.lgn.niedersachsen.de/live/live.php?navigation_id=11016)  
<[http://www.lgn.niedersachsen.de/live/live.php?navigation\\_id=11016&article\\_id=51682&psmand=35](http://www.lgn.niedersachsen.de/live/live.php?navigation_id=11016&article_id=51682&psmand=35)> &article\_id=51682&psmand=35

Dit is ongelukkig net in Duits beskikbaar, maar daar word heelwat historiese kaarte te koop aangebied, vir die wie se voorouers uit die omgewing kom.

Groete

Johann

From: SAGenealogie@yahoogleroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogleroups.com] On  
Behalf Of Ferdie van Wyk  
Sent: 10 October 2010 20:12  
To: SAGenealogie@yahoogleroups.com  
Subject: RE: [SA-Gen] Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir mense met o.a. verwysings na my Malan-voorouers

Goeienaand Johann,

Baie geluk met die raakloop van sulke wonderlike informasie en dokumentasie.

Ons by N-Tvl Tak praat van die "hoendervel oomblik" Met jou toestemming sal ek graag die storie in een van ons nuusbriewe insluit. Ons ht al wonderlike ander hoendervel oomblikke publiseer.

Beste groete

Ferdie van Wyk

Navorser: Die van Wijks van die Tarka en die van der Walts van Colesberg

Centurion, Selfoon: 082-556-8031

[www.tarkavanwijks.com](http://www.tarkavanwijks.com)

2a. Nel en Potgieter Voorsate

Posted by: "hennie.nel@webmail.co.za" hennie.nel@webmail.co.za  
heinson52  
Sun Oct 10, 2010 7:00 am (PDT)

Goeie middag

Is daar dalk iemand wat my kan help met die volgende inligting  
Ek is opsoek na die volgende persoon se vrou en kinders se name en  
ook wie  
was sy ouers

Gert Johannes NEL \* 03.04.1920 x Middelburg (tv1) 02.08.1947 met MSM  
KLEYNHANS

Dan soek ek ook inligting oor die volgende persone en hulle  
voorgeslagte  
Hendrik POTGIETER \* 1891 x Henrietta Aletta NN \* 08.06.1887

Baie Dankie

Hennie Nel

3a. Potgieter

Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels  
Sun Oct 10, 2010 7:27 am (PDT)

Terwyl Hennie nou so op die Potgieter-navorsers se knoppie druk wil  
ek ook  
sommers 'n Potgieter-vragie ingooi. Wie kan my help met die voorouers  
van  
Andries Hendrik Potgieter \*Pretoria 9.11.1926, +Senekal 31.5.1971.  
Hy was  
getroud met Petronella Hendrina Els. Hy het in Bloemfontein gebly.  
Ek  
vermoed sy ouers was Jan Hendrik Potgieter en Dirkie Maria Catharina  
NN.

Dankie en groete,

CHARLIE  
P O Box 65093,  
Erasmusrand 0165  
Republic of South Africa  
+27 (0)12 347 8267 (H)  
+27 (0)12 347 1613 (W)  
+27 (0)12 347 1622 (F)  
+27 (0)82 557 8979 (M)

3b. Re: Potgieter

Posted by: "Johan Barkhuizen" johan@barkhuizen.co.za

johanbarkhuizen77

Mon Oct 11, 2010 1:01 am (PDT)

Hendrik

Dis nie antwoord op jou vraag nie maar mag bruikbaar wees omdat dit te doen met SE Potgieter (f1) se suster, Johanna Catharina POTGIETER (dv Hermanus Lambertus Gerhardus POTGIETER en Susanna Magdalena VAN ROOYEN), \*Zandflats, Zuurberg, 20.10.1817, &#8776;Uitenhage 25.12.1817, †21 11.1886.

Op Eric se webblad (dog on blues) word net twee van haar huwelikke met Louw en Barkhuizen aangegee. Haar eerste huwelik was met Theunis Botha (MOOC 6/9/16 3596 T Botha) Op T Botha se sterfkennis word genoem dat hy saam met ses ander mense in die Zwartkopsrivier verdrink. Hulle , Botha en JC Potgieter, het een dogter Susanna Magdalena (Sannie) Botha. Ek het net die naam Sannie, op JC Potgieter se sterfkennis gekry. Ongelukkig nie doopdatums nie.

Groete

Johan

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Hendrik at Loogkolk"

<hendrik@...> wrote:

>

> Enige Potgieter kenners wat kan help asb ....

>

> Met wie is Susanna Elisabeth Potgiete {f1} getroud en wat is haar kinders se name?

>

> Baie dankie

> Hendrik LOUW

>

>

>

> c7 Frederik POTGIETER en Eva Catharina KRIEL

>

>

>

> d5 Hermanus Lambertus POTGIETER ? 24 Okt 1756 x 2 Apr 1786, Susanna Geertruida SCHEEPERS, xx 20 Des 1789, in Stellenbosch Sara Josina JANSE VAN VUUREN, ? 5 Nov 1775 (d. v. Lucas VAN VUUREN en Sara Johanna VAN LEEUWEN) ? 14 Nov 1858, Potchefstroom xxx 5 Jun 1800, Johanna Maria VAN NIMWEGEN, ? 6 Okt 1765, (d. v. Gerrit VAN NIMWEGEN en Maria BEYERS)

>

>

>

> e1 Hermanus Gerhardus Lambertus POTGIETER ? 23 Nov 1788, x 30 Apr  
1815, in Graaff-Reinet, Susanna Magdalena VAN ROOYEN, ? 23 Apr 1797,  
(d. v. Cornelis Johannes VAN ROOYEN en Wilhelmina Hermina ROOS)

>

>

>

> f1 Susanna Elisabeth POTGIETER ? 3 Mrt 1816

>

> -----

>

>

>

>

>

4a. Re: TANNIE DALENE WESSELS VAN BOSHOFF  
Posted by: "Henning Noeth" hnoeth@vodamail.co.za hnoeth  
Sun Oct 10, 2010 9:54 am (PDT)

Daniel

Hy is nog op die plaas sy Tel No: 053 2982359 Pos Adres is Posbus  
717  
Kimberley 8300

Groete

Henning Noeth

Tel: 053-3850414

Sel: 0823920839

E-Mail: hnoeth@vodamail.co.za

Douglas Laan 5

Lime Acres

8410

Noeth / van Wyk / Ehrke / Jansen van Rensburg

From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On  
Behalf Of Daniel Jacobs

Sent: 09 October 2010 11:34 PM  
To: sagenealogie  
Cc: BUITENPOSTEN  
Subject: [SA-Gen] TANNIE DALENE WESSELS VAN BOSHOFF

Beste Vriende

Tannie Dalene Wessels, vroeër van Boshoff, is 'n paar jaar gelede oorlede.  
Ek het lank met haar gekorrespondeer oor ons gemeenskaplike Malan-voorouers.  
Sy was 'n kleinniggie van my Jacobs-oupa. Weet iemand dalk hoe ek kan kontak maak met haar kinders? Een van haar skoonseuns was 'n ambassadeur en 'n dogter 'n dosent in as ek reg onthou Geografie aan Unisa. Sy was 'n nooi Scholtz en haar broer was "Koning" Scholtz van die Campbell-distrik. Hy was bekend as 'n versamelaar van oudhede.

Groete

Daniel Jacobs  
www.gendata.co.za

Siebrits/du Toit/Meyer/Zee-man/De Villiers (Franschhoek/Paarl)  
Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)  
Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)  
Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)  
De Vos (De Doorns/Wellington)  
Malan (Wellington/Zeerust)  
Ungerer (Swellendam)  
Smith (Wellington)

08:34:00

5a. Moordenaarses in SA  
Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com willempie5  
Sun Oct 10, 2010 11:58 am (PDT)

Ek weet daar was so ruk terug 'n gesprek hieroor. Ek het gister in ons



tweedehandse boekwinkeltjie 'n boekie hieroor gesien. As iemand belangstel, kan ek dit koop en aanstuur. Kan nou regtig nie eers onthou hoeveel dit kos nie.

Willeen

--

Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

5b. Re: Moordenaars in SA  
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels  
Sun Oct 10, 2010 12:38 pm (PDT)

Willeen,

Ja, as ek reg onthou het Dennis met die hulp van lyslede 'n lys van SA vroue-moordenaars opgebou. Dit sal op SAGen se argiefpos te vinde wees.

Ek onthou toe ek 'n kind was het my ouer suster 'n boek gehad oor Suid-Afrikaanse moordenaars met die titel "Te laat vir Trane" (Ek verstaan Benjamin Bennet was die skrywer). 'n Ander boek van hom oor die onderwerp is: "Die bewyse was dodelik." Dan is daar nog 'n boek deur Johan van der Post: "Ware Suid Afrikaanse Moordverhale". Dis seker een van dié wat jy gesien het?

Groete,

CHARLIE

-----Original Message-----

From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Willeen Olivier  
Sent: 10 October 2010 08:59 PM  
To: saginealogie  
Subject: [SA-Gen] Moordenaars in SA

Ek weet daar was so ruk terug 'n gesprek hieroor. Ek het gister in ons

tweedehandse boekwinkeltjie 'n boekie hieroor gesien. As iemand belangstel, kan ek dit koop en aanstuur. Kan nou regtig nie eers onthou hoeveel dit kos nie.

Willeen

--

Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

5c. Re: Moordenaars in SA  
Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com willempie5  
Sun Oct 10, 2010 12:58 pm (PDT)

Nee Charlie, Kan nie die naam onthou nie, maar dit gaan spesifiek oor vrouens, en dit lyk of dit op hofsake knosentreer, so ek neem aan die wat skuldig bevind is.

Willeen

2010/10/10 Charlie Els <el55@mweb.co.za>

>  
>  
> Willeen,  
>  
> Ja, as ek reg onthou het Dennis met die hulp van lyslede 'n lys van SA > vroue-moordenaars opgebou. Dit sal op SAGen se argiefpos te vinde wees.  
>  
> Ek onthou toe ek 'n kind was het my ouer suster 'n boek gehad oor > Suid-Afrikaanse moordenaars met die titel "Te laat vir Trane" (Ek verstaan > Benjamin Bennet was die skrywer). 'n Ander boek van hom oor die onderwerp > is: "Die bewyse was dodelik." Dan is daar nog 'n boek deur Johan van der > Post: "Ware Suid Afrikaanse Moordverhale". Dis seker een van dié wat jy > gesien het?  
>  
> Groete,  
>  
> CHARLIE

>  
>  
> -----Original Message-----  
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
<SAGenealogie%40yahoogroups.com>  
> [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com  
<SAGenealogie%40yahoogroups.com>]On  
> Behalf Of Willeen Olivier  
> Sent: 10 October 2010 08:59 PM  
> To: sagenealogie  
> Subject: [SA-Gen] Moordenaaresse in SA  
>  
> Ek weet daar was so ruk terug 'n gesprek hieroor. Ek het gister in  
ons  
> tweedehandse boekwinkeltjie 'n boekie hieroor gesien. As iemand  
belangstel,  
> kan ek dit koop en aanstuur. Kan nou regtig nie eers onthou  
hoeveel dit kos  
> nie.  
>  
> Willeen  
>  
> --  
> Willeen Olivier  
> Rooihuiskraal  
> Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...  
>  
>  
>  
  
--  
Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

5d. Re: Moordenaaresse in SA  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za  
dennis\_pretorius  
Sun Oct 10, 2010 11:32 pm (PDT)

Hallo Willeen

Koop asb vir my die boekie - ek sal dit waardeer

As jy dit kry laat weet my dan stuur ek die geld vir jou aan

Groetnis

NS Charlie is reg - ons het 'n klomp name bymekaar gemaak van al die Moordenaarsse - en 'n ongelooflike aantal van hulle name het met "M" begin  
!!

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A  
Home Tel / Huis Tel: +27-11-762-8911 Office /Kantoor: \_+27-11-953-3727  
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541  
----- Original Message -----  
From: "Charlie Els" <el55@mweb.co.za>  
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>  
Sent: Sunday, October 10, 2010 9:38 PM  
Subject: RE: [SA-Gen] Moordenaarsse in SA

5e. Re: Moordenaarsse in SA  
Posted by: "Annemarie van den Doel" Avdd@Nanoteq.com avddoel2  
Sun Oct 10, 2010 11:52 pm (PDT)

Daar is 'n boek Fatal Females - Women Who Kill deur Micki Pistorius vir R109 by loot.co.za (R110.50 by kalahari.net)

Beskrywing (ongelukig in Engels):  
The author investigates the mind of the woman who commits murder. Although they may find it deeply disturbing, many people have a morbid fascination with the notion that women - givers of life - are capable of ruthlessly taking it. Indeed, throughout history the view seems to have prevailed that women are not inclined to commit violent crimes. But Pistorius shows that this is not in fact the case. She examines more than 50 documented cases of South African female killers, categorised according to the nature of their crimes - e.g. love triangles, battered women, poisoners - and she develops a new hypothesis to explain the psychology of that rare woman, the female serial killer.

Groete  
Annemarie

-----Original Message-----  
From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Willeen Olivier  
Sent: 10 October 2010 08:59 PM  
To: sagenealogie  
Subject: [SA-Gen] Moordenaarsse in SA

Ek weet daar was so ruk terug 'n gesprek hieroor. Ek het gister in ons tweedehandse boekwinkeltjie 'n boekie hieroor gesien. As iemand belangstel, kan ek dit koop en aanstuur. Kan nou regtig nie eers onthou hoeveel dit kos nie.

Willeen

--

Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

.  
<<http://geo.yahoo.com/serv?s=97359714/grpId=11669473/grpspId=1705193928/msgId=62921/stime=1286737115/nc1=1/nc2=2/nc3=3>>

Important Notice:

This e-mail and its contents are subject to the Nanoteg (Pty) Ltd e-mail legal notice available at:  
[http://www.nanoteg.com/corp\\_profile/disclaimer.asp](http://www.nanoteg.com/corp_profile/disclaimer.asp)

Important Notice:

This e-mail and its contents are subject to the Nanoteg (Pty) Ltd e-mail legal notice available at:  
[http://www.nanoteg.com/corp\\_profile/disclaimer.asp](http://www.nanoteg.com/corp_profile/disclaimer.asp)

6.1. Begrafnisbrief

Posted by: "Fanie Blignaut" [blikkies@mabonline.co.za](mailto:blikkies@mabonline.co.za) blignautfanie  
Sun Oct 10, 2010 12:12 pm (PDT)

Naand Vriende,

BB verkry van Hennie Steyn op Fotki geplaas.

Barnardt, Hester 1917 + 2010. Jammer die kopie is bietjie onduidelik.

Groete,

Fanie Blignaut

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie

7. ]Koerant] Sunday Tribune 10 Oct 2010 (10-10-10 )  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za  
alettagea9fac  
Sun Oct 10, 2010 10:26 pm (PDT)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " Prayer and Preseverence are the essence of life. Enjoy the ride ." Denise MULLER.

GEBOORTES:- REEVES Nick , Karolina 'n prem dogter Koha Bogota Colombie \* 2 Okt 2010 . Sussie vir Keana.

VERLOWINGS:- WILSON Dave & Sue se oudste dogter Caryn aan Mike , seun van Pat & â€ Billy PEARSON.

DOOD:- DONALDSON Shirley â€ 7 Okt 2010. Ma van Derrick en Alaine . Ouma van Kurt en Ancilla, Kelly en Danny. Oumagroot van Bianca, Hanna, Connor, Tyler, Paige en Calum.

DONALDSON Shirley Teresa â€ 6 Okt 2010. Ma ouma en oumagroot. Memorial by Clarenden Rd Durban Noord op 13 Okt 2010 om 3nm. Verassing privaat. Ingesit deur AVBOB 031 2061831.

FOSTER Catherine Jessie (Cathie) â€ 7 Okt 2010. Vrou , Ma ,ouma van Billy , William, Clyde, Tina & Steve, Duncan, Kirsten, Ross, Kyle en Lauren. Memorial by Hillcrest Baptiste Kerk op 11 Okt 2010 om 3nm.

GREY Johnny â€ 7 Okt 2010. Seun van Wally & â€ Athene. Stiefseun van Teeny. Broer van Lynn, Bobby, Colleen, Jan, Charles, Allan en David. Vriend van George en oom. Ingesit deur SHANLEY'S 031 2057644.

MAIDEN Jeffrey. Simpatie aan Val, Mike en familie van PAUL'S & BORCHARD familie.

MCLEAN Hester Cornelia â€ 7 Okt 2010. Nou saam met haar man. Van haar kinders.

PALM Gus 4 Feb 1936 -----5 Okt 2010 .Nou saam met Ma. Pa en oupa van Helen, Deon, Taine, Sandi, Bruce, Amey, Donny en Troy.

PELLOW James Henry 19 Aug 1917 ----7 Okt 2010. Pa, oupa en oupagroot van Merle, Roy , Gail en families.

MEMORIAM:-DE MEZIERES Marc 18 Sept 1964 -----10 Okt 1998. Seun en broer van Ouers, Marlene, Glen en Gavin.

EMANUEL Lou . Onthou deur May. Ook van Vanni, Wendy, Justin, Matthew-Lou, Alex en Caylee.

HOPCROFT Steven Edward. Onthou deur Ma & Dad, Angela, David en Charmain.

MCBEAN Dennis Wyatt. Pa van Jeannie.

MOMPLE Edgar â€ 10 Okt 1982 . Pa ,skoonpa en oupa van Anthony, Beverley, Kelly en Robyn.

MOORE Richard 2 Junie 1971 ---- 10 Okt 2009. Onthou deur ouers , Wayne, Sandy, Tristan, Jenna en Chade.

NEILL Gordon John. â€ 7 Okt 2008. x Molly.

ROYEPPEN Christian \* 10 Okt 1916 . Onthou deur Thelma, Iris ,Pamela en Melvin.

VAN VUUREN Janelle (Jan). Onthou deur Ma en Pa ,Reece en Mich.

Gegroet uit Durban waar dit regtig bedompig is vannag.  
Rita Quebbemann

8. Vir Daniel Jacobs en ander  
Posted by: "Simon Wessels" swessels@iafrica.com  
Mon Oct 11, 2010 1:30 am (PDT)

Kind van Daleen Wessels

Daleen Wessels se een kind is Gerrie Wessels en is getroud met Christina Rosina Elizabeth Botha. Christuna is 'n medikus op Boshoff. Ek dink 'n mens sal maklik Christins se telefoonnommer op Boshoff kan kry.

Simon Wessels

9. Paarl se Parys begraafplaas: 16 Okt 2010  
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta  
Mon Oct 11, 2010 2:04 am (PDT)

Goeie more almal

Ons gaan eerskomende Saterdag die Parys begraafplaas in die Paarl afneem. As daar dalk belangstellendes is wat wil saamgaan sal ons dit waardeer.

Ons ontmoet 0830 by die begraafplaas en wil graag 1400 klaar wees.

Bring asb julle digitale kameras, geheue stokkies, batterye, hoed, lekker loop skoene, koeldrank, suiglekkers en vrugte saam.

Johann Claassen het 'n kaart op Facebook gelaai, om die pad aan te dui soontoe!

<http://www.facebook.com/photo.php?pid=5269696&o=all&op=1&view=all&subject=148193807474&id=547797337>

Ons wil graag die hele begraafplaas afneem. Die foto's sal op die eGGSA webblad gelaai word, en die Weskaaptak het aangebied om al die transkribering te doen vir die GGSA DVD.

Belangstellendes kan vir my kontak asb!

Groete

Alta



Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4541

Datum: Mon Oct 11, 2010

Daar is 11 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Sarel Burger From: Andrew Kok
- 1b. Re: Sarel Burger From: Riana Lubbe
- 2a. Re: VAN BOSCH.OLIVIER From: Johan Brink
3. Charles and Anne Thompson From: Leon Jordaan
- 4a. Re: De Beer From: Jaleen de Beer
- 4b. Re: De Beer From: Annemie Lourens
- 5a. Re: ABO - Standerton Kamp. From: DIRK SCHELLINGERHOUT
- 6a. Kruger Hulp Asb. From: pretorius.liezl
- 6b. Re: Kruger Hulp Asb. From: Jan van Rensburg
7. [Koerant] Daily News Maandag 11 Oktober 2010 From: aletta magrieta.quebbemann
8. Soek Jacobs familie From: Annemie Lourens

1a. Sarel Burger  
Posted by: "Andrew Kok" jakok99@gmail.com jakok2001  
Mon Oct 11, 2010 4:19 am (PDT)

Goeie dag

Ek is op soek na Sarel Burger se kontakbesonderhede. Kan iemand dit asb aanstuur.

Dankie

Andrew

--

Dr Andrew Kok  
Durbanville  
082 500 6758

1b. Re: Sarel Burger  
Posted by: "Riana Lubbe" rianalubbe@gmail.com rianalubbe  
Mon Oct 11, 2010 4:29 am (PDT)

"Sarel Burger" <inl0879@mweb.co.za>

2010/10/11 Andrew Kok <jakok99@gmail.com>

>  
>  
> Goeie dag  
>  
> Ek is op soek na Sarel Burger se kontakbesonderhede. Kan iemand  
dit asb  
> aanstuur.  
>  
> Dankie  
>  
> Andrew  
>  
> --  
> Dr Andrew Kok  
> Durbanville  
> 082 500 6758  
>  
  
>  
>  
>

2a. Re: VAN BOSCH.OLIVIER  
Posted by: "Johan Brink" johanbrink@maxitec.co.za  
Mon Oct 11, 2010 4:48 am (PDT)

Hallo Corney en Annemie,

Dit was lekker om so vinnig my vrae beantwoord te kry. Ek gaan my huiswerk doen en indien daar nog oop kolle is, kom ek terug. Ek gaan in elk geval dit wat ek reeds saamgestel het (met bronverwysings), aan julle deurstuur.

Vir eers, baie dankie en vriendelike groete

Johan  
Melkbosstrand  
082 328 9453  
BRINK-, EAGAR/EAGER-, (VON) DURING- en algemene navorser]

3. Charles and Anne Thompson  
Posted by: "Leon Jordaan" leonjordaan@telkomsa.net  
Mon Oct 11, 2010 7:29 am (PDT)

Dear Friends,  
I am looking for these 2 people: Charles THOMPSON and his wife Ann

Their children were: Elizabeth (Eliza) THOMPSON born 1849-1850  
Durbanville, died 4 June 1893 "Kliprug" (Calvinia?)  
married 11.5.1872 Swartland to Paulus Johannes VERDOES born  
Nederland c. 1845, died 3.12.1894  
in the New Somerset Hospital

Benjamin THOMPSON born 25 April 1859, baptized 26 July 1863  
Durbanville All Saints Church , died 6.12.1927 "Welgemeend"  
Durbanville, grave Durbanville cemetary,  
married to Maria Petronella DU TOIT born 9.12.1857,  
baptized 17.1.1858 (Strooidakkerk Paarl), died 2.4.1935 grave  
Durbanville cemetary

Emma THOMPSON born 8.5.1863, baptized 26 July 1863 Durbanville All  
Saints Church  
died ? single

Does anyone perhaps know anything about Charles THOMPSON and his  
wife Ann? She was probably a Lightfoot.

I thank you in anticipation,  
Llewyn Jordaan.

4a. Re: De Beer  
Posted by: "Jaleen de Beer" fdebeer@netactive.co.za jaleen46  
Mon Oct 11, 2010 8:33 am (PDT)

Annemie,

Ek het hulle onder my ongekoppelde data as volg:

Samuel Jacobus DE BEER + 28 Jan 1995 TAB 2284/95

x Amalia Augusta VAN BOSCH \* 2 Des 1906 Kimberley + 8 Des 1926  
Rustenburg,  
Paardekraal

Sy sterf 6 dae na haar 20ste verjaarsdag.

Sy was die d.v. Johannes VAN BOSCH en Albertsa BOER van Rustenburg,  
Kameeldrif

Vriendelike groete,

Jaleen

---

From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On  
Behalf Of Annemie Lourens  
Sent: 10 October 2010 10:52 AM  
To: SAGenealogie@yahoogroups.com  
Subject: [SA-Gen] De Beer

Goeiedag lede  
Ek soek inligting oor die volgende egpaar.  
Enige hulp sal waardeer word.  
Groete  
Annemie Lourens

DEPOT TAB SOURCE MHG TYPE LEER VOLUME\_NO 0 SYSTEM 01 REFERENCE 61861  
PART 1  
DESCRIPTION DE BEER, AMALIA AUGUSTA. (BORN VAN BOSCH). STARTING  
19260000  
ENDING 19260000 REMARKS SURVIVING SPOUSE SAMUEL JACOBUS DE BEER.

4b. Re: De Beer  
Posted by: "Annemie Lourens" annemie.lourens@yahoo.com  
annemie.lourens  
Mon Oct 11, 2010 10:53 pm (PDT)

Jaleen  
Baie , Baie dankie  
Die inligting wat ek het.  
Johannes van Bosch \* 2 Dec 1878 = 28 Feb 1879 Du Toitspan + 14 Aug  
1940 begrawe Brits (sv Petrus Gerhardus van Bosch en Elsie Christina  
Ludick) getroud Carolina Bertha Buhr (Nie Boer soos op sterfkennis)  
\* 22 Dec 1886 + 23 Jun 1981 begrawe Brits.  
Beide begrawe Langberg begrafplaas, Brits.  
Hul dogter Amalia Augusta van Bosch.  
Ek het op die stadium net een broer en een seun vir die egpaar en  
dit is Pieter Gerrit van Bosch \* 21 Aug 1908 + 8 Dec 1958, begrawe  
Brits.

Groete  
Annemie Lourens

--- On Mon, 10/11/10, Jaleen de Beer <fdebeer@netactive.co.za>  
wrote:

From: Jaleen de Beer <fdebeer@netactive.co.za>  
Subject: RE: [SA-Gen] De Beer  
To: SAGenealogie@yahoogroups.com  
Date: Monday, October 11, 2010, 3:32 PM

Annemie,

Ek het hulle onder my ongekoppelde data as volg:

Samuel Jacobus DE BEER + 28 Jan 1995 TAB 2284/95

x Amalia Augusta VAN BOSCH \* 2 Des 1906 Kimberley + 8 Des 1926  
Rustenburg,  
Paardekraal

Sy sterf 6 dae na haar 20ste verjaarsdag.

Sy was die d.v. Johannes VAN BOSCH en Albertsa BOER van Rustenburg,  
Kameeldrif

Vriendelike groete,

Jaleen

\_\_\_\_\_

From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On  
Behalf Of Annemie Lourens  
Sent: 10 October 2010 10:52 AM  
To: SAGenealogie@yahoogroups.com  
Subject: [SA-Gen] De Beer

Goeiedag lede  
Ek soek inligting oor die volgende egpaar.  
Enige hulp sal waardeer word.  
Groete  
Annemie Lourens

DEPOT TAB SOURCE MHG TYPE LEER VOLUME\_NO 0 SYSTEM 01 REFERENCE 61861  
PART 1  
DESCRIPTION DE BEER, AMALIA AUGUSTA. (BORN VAN BOSCH). STARTING  
19260000  
ENDING 19260000 REMARKS SURVIVING SPOUSE SAMUEL JACOBUS DE BEER.

5a. Re: ABO - Standerton Kamp.  
Posted by: "DIRK SCHELLINGERHOUT" dirkjschell@yahoo.com  
dirkjschell  
Mon Oct 11, 2010 11:07 am (PDT)

<http://www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/#> [ info oor al die britse  
'helkampe']

groete daar onder.....  
J Dirk Schellingerhout  
Uitenhage - Oos Kaap  
SA  
Tel.: 041 9662662 / 082 412 3529

---

From: Marie Bossert <mabert3@yahoo.com>  
To: SAGenealogie@yahoogroups.com  
Sent: Mon, October 4, 2010 11:20:42 PM  
Subject: [SA-Gen] ABO - Standerton Kamp.

Môre almal,

Ek wil graag weet of daar erens op die internet inligting verkrygbaar is wat handel oor die bogenoemde Kamp. My skoonma se Pa was in die Kamp en is daar oorlede. Ek sal baie graag inligting wou bekom om te bewaar by my navorsing. My skoonma het vertel dat haar Ma haar vertel het dat toe hulle daar was, het die kokke van die kamp mieliepap voorberei vir die vrouens en kinders se oggend ontbyt. Hierdie pap was dan in sement "skottels" wat op die grond geplaas was ingeskep, en dan moes die vrouens en kinders rondom hierdie skottels sit en eet - en dan moes hulle ook met die hand eet - die luuksheid van lepels was daar nie. Volgens my skoonma se Ma het hulle bitter swaar gekry en my skoonma het nooit liefde gehad vir die enige engelsman nie. My skoonma was maar 2 jaar oud gedurende hierdie tyd en ek weet nie hoeveel sy van daardie tyd self kon onthou nie.

Met vriendelike groetnis uit Auckland, New Zealand,

Marie Bossert.

6a. Kruger Hulp Asb.

Posted by: "pretorius.liezl" pretorius.liezl@yahoo.com

pretorius.liezl

Mon Oct 11, 2010 10:38 pm (PDT)

Hallo almal

Is daar enige Kruger navorsers wat kan help met die voorgeslagte van Johanna Christina Kruger X Jan Johannes Jacobus Small.Hy is \* September 1889 Edenburg OVS + 20 Maart 1950 Boksburg. Ek kry geen verdere inligting oor haar nie.

Groete

Liezl

(Pretoria)

6b. Re: Kruger Hulp Asb.

Posted by: "Jan van Rensburg" janvrjfc@yahoo.com   janvrjfc

Mon Oct 11, 2010 10:47 pm (PDT)

Barry Kruger is die groot kenner.

---

From: pretorius.liezl <pretorius.liezl@yahoo.com>

To: SAGenealogie@yahoogroups.com

Sent: Tue, October 12, 2010 7:37:55 AM

Subject: [SA-Gen] Kruger Hulp Asb.

Hallo almal

Is daar enige Kruger navorsers wat kan help met die voorgeslagte van Johanna Christina Kruger X Jan Johannes Jacobus Small.Hy is \* September 1889 Edenburg OVS + 20 Maart 1950 Boksburg. Ek kry geen verdere inligting oor haar nie.

Groete

Liezl  
(Pretoria)

7. [Koerant] Daily News Maandag 11 Oktober 2010  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za  
aletta9fac  
Mon Oct 11, 2010 10:49 pm (PDT)

Dag vriende,

QUICKQUICK:- " Destiny has a lot to do with it, but so do you. You have to persevere, you have to insist. " - Andrea BOCELLI

GEBOORTES:-CAWOOD Stephen & Dr Christa PETERS 'n dogter Robin CAWOOD \* 5 Okt 2010 in Halifax Kanada. 1st Kleinkind vir Merle WARRINGTON-JACKSON en Mnr & Mev. John PETERS.

HEAN nee WILLIAMS Brad & Olivia 'n seun Connor Matthew \* 13 Sept 2010 in Parklands. Boetie vir Michael. Geluk van Mum, Ron, Michelle, Juan, Josh en Liam.

VERLOWINGS:-geen.

DOOD:- OGLE Thorne J. † 14 Okt 2010 ( shame hoe hy dit reg gekry het weet ek nie. Sal moet kyk wat die koerant more sê) van 14 Blink Bonnie Rd . Ingesit deur DOVES 0860025500.

MEMORIAM:-BOWLES Ashley Xavier † 11 Okt 1999. Onthou deur Shannon , Maso en familie en Jovan en André.

DE KOCK nee CHIAZZARI Carol. Onthou deur Mom, Anton, Enva, Catherine en Gina; Yvonne, Tand ADEN.; Nicole, Mac, Natasha, Loreal, Uriah, Jeshua en Elijah.

FOURQUEREAUX (DELLIS) Ann 18 Julie ----8 Okt 2009. Vrou, Ma en ouma. Van Shane, Greg, Sharon, Gary, Stuart, en Gillian. Claud en Roy en al die kleinkinders.

MOFFAT Frank .25 Maart 1947 ----- 11 Okt 2009 x Cathy .James sê jy is die helderste ster. Ook van kinders en kleinkinders .

O'CONNELL Dr. Kevin. 1 jaar dood nou. Simpatie aan Georgie ,Alex, Ella en Rebecca Ons het nie vergeet nie Bestuur en personeel by Life Westville Hospitaal en Heart Centre.

SANDISON Ron x Valerie.

Gegroet uit Durban



Rita Quebbemann

8. Soek Jacobs familie

Posted by: "Annemie Lourens" annemie.lourens@yahoo.com

annemie.lourens

Tue Oct 12, 2010 2:51 am (PDT)

Goeiedag Lede

Ek soek die volgende Jacobs familie ek kry dit nie in SAG.

Ek die doop opgespoor in NHK Zoutpansberg doopboek en soek meer inligting oor die egpaar. Die VAN BOSCH vrou is ongekoppel in my register.

Philipus Stephanus ( Flip Stef. JAKOBS in doopboek) en Maria Magdalena van Bosch doop hul seun Flip Stefanus geb. 16 nov 1871, die doopgetuies is Sar. El. GROBLER en Petr. Christ. VAN DEN BERG , Nic. Benj. VAN BOSCH en Ceclia Joh. POTGIETER

Maria Magdalena van Bosch oorlede c. 1918.

Hoop een van die Jacobs kenners kan help.

Groete

Annemie Lourens

Malmesbury

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4542

Datum: Tue Oct 12, 2010

Daar is 15 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men From: Johan Barkhuizen
- 1b. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men From: Johann Hanekom
- 2a. Vir René: Toegang tot boedels by Meesterskantoor, Kaapstad From: Daniel Jacobs
- 2b. RE: [SA-Gen] Vir René: Toegang tot boedels by Meesterskantoor, Ka From: Gustav & René Pansegrouw
- 3a. Re: Soek Jacobs familie From: Cathy
- 4. Jacobs/Raath: Help! From: Bobbie Crowther
- 5. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 12 Okt 2010 From: P Marx
- 6. VILJOEN x LINDEQUE From: Annelie Els
- 7a. Magrietha Swart van Roodekrans From: etiennedv
- 7b. Re: Magrietha Swart van Roodekrans From: Annelie Els
- 7c. Re: Magrietha Swart van Roodekrans From: pretorius.liezl
- 8. [Koerant] Daily News Dinsdag 12 Oktober 2010 From: aletta magrieta.quebbemann
- 9. Sterf FREGONA From: aletta magrieta.quebbemann
- 10a. KEE From: Martie Fourie
- 10b. KEE From: Martie Fourie

1a. Re: Genealogie as instrument om geskiedenis lewendig te maak vir men

Posted by: "Johan Barkhuizen" johan@barkhuizen.co.za  
johanbarkhuizen77

Tue Oct 12, 2010 5:14 am (PDT)

Johan

Jy het rede om sprakeloos te wees en ek is effens jaloers. Daar is eintlik so baie beskikbaar oor die mense van Niederbarkhausen naby Oerlinghausen in Duitsland en ek het dit nog nie gaan besoek nie. Maar dit kom...

Ek lees graag ander Duitse stamvaderstories. Dis enersyds so dieselfde maar elkeen het tog sy eie unieke ervarings gehad. Ek sien op jou webblad dat jy nog nie jou SA stamboom voltooi het nie (dalk is die inligting net verouderd) maar ek vermoed jy gaan met die vind van jou oorgrootjie nog 'n hoendervel oomblik he soos Ferdie dit noem.

Strekte en dankie vir die mooi storie

Johan Barkhuizen  
www.barkhuizen.co.za

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Johann Hanekom" <johann@...> wrote:

- >
- > Beste lysvriende
- >
- > Daniel se skrywe laat my dink aan iets wat my onlangs baie opgewonde maak
- > het. Ek en my vrou was die laaste week van September in Duitsland,
- > hoofsaaklik om ons kinders daar te besoek.
- >
- > Eers so 'n stukkie familiegeskiedenis as agtergrond. Jürgen HANEKOM, ons
- > stamvader, is omstreeks 1688 in Rathlosen (naby Sulingen in die huidige
- > Nedersakse) gebore. Hy was die tweede seun van Hinrich HANNEKOHM, en het in
- > Augustus 1706 in die Kaap geland, met 'n (Suidafrikaanse?) meisie getrou, en
- > 'n familie begin. Oor die familie kan niks verder terug as omtrent 1720
- > opgespoor word nie, aangesien al die kerkrekords in Sulingen verlore gegaan
- > het toe die dorp in 1719 amper heeltemaal afgebrand het. Jürgen eerste kind
- > was 'n dogter, Sara. Soos die toeval(?) dit wil hê, is my tweede naam
- > Jurgens, en die van my tweede seun Heinrich. Hy het homself in Augustus
- > 2006, amper tot die dag 300 jaar later, permanent in Duitsland gevestig, met
- > 'n Duitse meisie getrou, en 'n familie begin. Hulle eerste kind is 'n dogter
- > met die name Liv Mia, en hulle woon in Bielefeld, omtrent 100km vanaf
- > Rathlosen.
- >
- > Heinrich, as die eerste en enigste HANEKOM wat tans in Duitsland woon, is
- > nou op sy beurt stamvader, want die familienaam het met die loop van die tyd
- > verander in HANNEKUM. Die naam word nog redelik dikwels in omliggende dorpe
- > aangetref, en in Rathlosen self woon etlike families waarvan die moeders as
- > HANNEKUM gebore was.
- >
- > My swaer het tot by sy onlangse aftrede nog by die Landesvermessung
- > Niedersachsen gewerk, en op 'n kaart van Sulingen en omgewing (insluitende

> Rathlosen) afgekom wat in 1771 publiseer is, en vir my 'n kopie daarvan  
> bekom. Dit toon elke plaas wat tydens die opname in Rathlosen bestaan het,  
> en verskil bitter weinig van die dorp soos dit vandag daaruit sien. Dit was  
> die eerste groot en aangename verrassing.  
>  
> Nou die opgewonde part. Tydens ons besoek in Duitsland het my swaer ons vir  
> 'n dag Rathlosen toe geneem, om 'n afspraak na te kom met een van die  
> HANNEKUM nasate wat ek onlangs oor die internet leer ken het, en wie nog in  
Die nageslagte van Ghengis Khan is moontlik een van die grootste bestaande stambome, en dit word deur DNA gesteun. Ghengis se grootse plesier was om stede af te brand, mans te vermoor en om hulle vrouens te verkrag. Dit was sy lewenstaak en hy was besonder bekwaam daarin. Hy het 'n groot span mense gehad wat alle vrouens in 'n dorp of stad deurgekyk het en die mooistes, bestes en edelstes vir Ghengis uitgesoek het en na hom toe gebring het. Hy het nie tyd verspil met flik en goeie restaurante nie. Hulle reken dat hy honderde kinders gehad het - meer as enige ander persoon ooit.

"... hoe moontlik is dit, gesien teen die agtergrond dat die Britse Koningshuis ook beweer dat hulle stamboom tot by Adam strek, 153 geslagte dink ek. Asook Haile Selassie van wie beweer word dat sy stamboom tot by Salomo en vandaar tot by Adam terug gaan? Groete, Dirk"

Die logika is nie te sleg nie. 150 geslagte is omtrent 50 eeue, of 5,000 jaar. Ek stel nou 'n wye hipotese, gebaseer op die skeepsreis wat gelei het tot die vestiging van Hawaii. Gestel dat 'n groep mense per boot van een kontinent (Atlantis?) na 'n ander is, en dat slegs twee die reis oorleef, Adam en Eva. Die reis word in die oorvertelling verloor, en van hulle twee word verklaar dat hulle nie ouers gehad het nie. Hulle was die eerste van ons mense. Die kort stamboom tussen hulle twee en die leiers van hulle gemeenskap word mondelings oorvertel, en wanneer konings verskyn word die stamlyn belangriker. In die end word dit op skrif opgeneem, en later in die Bybel oorgeskryf. So kan drie duisend jaar moontlik verklaar word.

Die geskiedenis van die koningshuise van Europa is vir die afgelope 1200 jaar goed gedokumenteer. Die enigste moeilike stukkie is die eerste 800 jaar

na Christus. Van al die biljoene stamlyne wat moontlik is, is dit nie onmoontlik dat een of twee stamlyne volledig gedokumenteer is nie. In die end is dit is net die uitsonderings wat regtig tel.

Groete,  
Francois

---

Francois Greeff, 36 Aston Road, London, SW20 8BE, United Kingdom  
Phone: 0044 20 8123 4224. Mobile 0044 79 6372 2345. Skype: Greefffrancois.  
Greeff Family Web Site: <<http://www.Greeff.info>> [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

From: Ernest Bessinger [mailto:[ernestbes@gmail.com](mailto:ernestbes@gmail.com)]  
Sent: 21 October 2010 08:01  
To: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
Subject: RE: [SA-Gen] Stambome

My probleem is dat hoe meer ek invoeg in my my voorgeslagte hoe wyer (meer mense) word my voorgeslagte. Hoe kry ek dit vernou om net Adam (soner Eva) in te kry? En wat maak ek met al die ander mense? Gaan hulle ook terug na Adam? Nee, my IK is te hoog om dit te verstaan :-)  
Groete  
Ernest Bessinger

-----Original Message-----  
From: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
<<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>>  
[<mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com>  
<<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>>  
] On  
Behalf Of knersvlak  
Sent: 20 October 2010 14:04  
To: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
<<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>>  
Subject: [SA-Gen] Stambome

Goeie middag vriende.  
Ek weet julle sal nou lag hiervoor, maar die ander dag vertel 'n vriend van

my dat 'n man aan hom vertel het dat hy sy stamboom tot by Adam terug gespoor het :-). Wat dink julle daarvan, hoe moontlik is dit, gesien teen die agtergrond dat die Britse Koningshuis ook beweer dat hulle stamboom tot by Adam strek, 153 geslagte dink ek. Asook Haile Selassie van wie beweer word dat sy stamboom tot by Salomo en vandaar tot by Adam terug gaan?  
Groete  
Dirk

6c. Re: Uitsonderlike Stambome  
Posted by: "danielmalanjacobs@gmail.com" danielmalanjacobs@gmail.com  
danielmalanjacobs  
Thu Oct 21, 2010 1:14 pm (PDT)

Beste Vriende

In aansluiting by my opmerking oor 'n moontlike inval van die Mongole in Europa lees ek die volgende op Wikipedia (gedagtig daaraan dat mens nie alles wat mens in die koerant en op Wikipedia lees moet glo nie): " Ögedei Khan had granted permission to invade the remainder of Europe, all the way to the "Great Sea," the Atlantic Ocean, and only his death prevented the possible invasions of Austria, Germany, Italy, France, and Spain, and the remaining small European principalities. Indeed, Mongol forces were moving on Vienna, launching a fierce winter campaign against Austria and Germany in the first wave into Western Europe, when Ögedei died. Some historians believe only his death prevented the complete conquest of Europe."

Ook gedagtig daaraan dat ek dalk besig is om af te dwaal van genealogie nog net die volgende: mense wat navorsing gedoen het oor die effektiwiteit van die Mongole as vegters het tot die gevolgtrekking gekom dat een van die groot redes vir hulle sukses was dat hulle in die ry-op die oomblik wanneer hulle perd met die opbeweeg vir 'n "split-second" gaan stilstaan voordat die afwaartse



beweging weer begin met hulle pyl en boog na hulle teiken geskiet het.

Hopelik red die volgende my van 'n terregwysing: Die bekende boerejagter Piet Jacobs (vlgs alle aanduidings 'n neef van my oorgrootjie Willem Daniel Jacobs geb 1839) se sukses is volgens een bron o.a. ook toegeskryf aan die verhouding tussen hom en sy perd. Hy het sy perd geleer om dwars te draai net voordat hy afgeklim en op sy teiken geskiet het.

Groete

Daniel

Groete

Daniel

Sent from my BlackBerry® wireless device

-----Original Message-----

From: danielmalanjacobs@gmail.com

Date: Thu, 21 Oct 2010 18:14:02

To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>

Reply-To: danielmalanjacobs@gmail.com

Subject: Re: [SA-Gen] Uitsonderlike Stambome

Beste Vriende

Ek het 'n paar jaar gelede gelees dat hulle gereken het dat Genhis Khan op daardie stadium ongeveer 17 miljoen lewende nasate gehad het.

Ek het 'n uitgawe van 'n National Geographic waar die hoofartikel (s) oor Genhis Khan handel. Die joernalis vertel van 'n man iewers in Asie met wie hy 'n onderhoud gehad het oor die mondelinge oorlewering wat daar in sy gemeenskap behoue gebly het oor die deurek van die Mongole in hulle area. Dit was in die 1300's en dus 600 jaar + gelede. Die joernalis het iets in der voege gese dat toe die man daarvan vertel het hy dit met die emosie vertel het asof die Mongole onlangs daar deurgetrek het. Volgens 'n uitgawe van die Guinness Book of Records was hulle verantwoordelik vir die grootste volksmoord ooit. In 'n 10 jaar periode in ca 1330 het hulle iets soos 40 miljoen Chinese doodgemaak. Hulle het mos die grootste ryk - oppervlaktegewyse- in menseheugenis tot stand gebring. Hulle het op 'n stadium tot in Oos-Europa gevorder, maar net voordat hulle met nog 'n belangrike veldslag sou begin het die nuus hulle bereik dat die Khan van daardie tyd oorlede is en is die veldslag afgelas. Was dit nie vir die dood van die Khan nie sou die meeste indien nie almal van ons dalk nie daar gewees het nie. Dink naamlik daaraan wat is die statistiese kans vir enige mens om gebore te word?

As die Mongole dus 'n groot inval in Europa sou kon loods (hulle het bv feitlik die hele China en as ek reg het die grootste deel van Rusland op 'n stadium oorheers) sou BAIE van ons voorouers verseker

gesterf het en die wat dit oorleef het se nasate ander mense gewees het as wat dit vandag is! As net een van ons voorouers uiteraard nie gebore was nie, sou ons ook nie gebore gewees het nie. Of soos ek al vir my een seun gese het dat as my voet vasgehaak het en ek twee plekke agter hulle Ma en nie op die sitplek reg agter haar op 'n studentebus van Stellenbosch na Pretoria (1984 op pad na 'n Kuesta studentekoorfees) gaan sit het nie-waarna ek toe die hele end pad baie lekker met haar gesels het nie -en met die busrut terug Stellenbosch-toe langs haar gesit het nie- was hy dalk nooit gebore nie! 'n Interessante aspek van genealogie wat baie mense waarskynlik nie aan dink nie.

Met die dood van 'n Khan het ALLE Mongoolse mans iewers in Asie in hulle tentjies gaan uitkamp om 'n nuwe Khan te kies.

Nog 'n bron het genoem dat hulle nie veel van 'n godsdiens gehad het nie en dit as die hoofrede genoem waarom hulle godsdiensvryheid toegelaat het in hulle verowerde gebiede. Onder diegene wat hulle aanslae oorleef het. In een geval het elke Mongoolse soldaat na die geveg iets soos 300 mense gekry wat hy persoonlik om die lewe moes bring.

Interessant dat Mongolie vandag 'n klein bergkoninkrykie iewers in Asie is.

Groete

Daniel

Sent from my BlackBerry® wireless device

-----Original Message-----

From: "Francois Greeff" <Goodgreeff@hiddencode.co.uk>

Sender: SAGenealogie@yahoogroups.com

Date: Thu, 21 Oct 2010 17:39:38

To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>

Reply-To: SAGenealogie@yahoogroups.com

Subject: RE: [SA-Gen] Uitsonderlike Stambome

Die uitsonderinge in genealogie is fasinerend, en een van hulle word beskryf

in die artikel, The Difference between Genealogy and Family History (In

Genesis, the Journal of the electronic Genealogical Society of South Africa,

Issue 24, October 2009.) Die artikel gebruik die voorbeeld van die

genealogie en Familie Geskiedenis van renperde, wat in gepubliseerde boeke

opgeteken is. Meer as een miljoen renperde se genealogie is oor 30 geslagte

in die boeke opgeteken, en die hele miljoen perde stam af van net 3

stamvaders: drie hingste wie se name en lewensbiografieë goed

gedokumenteer

is. Die hele stam het ook net 25 stammoeders, 25 merries.

Die nageslagte van Ghengis Khan is moontlik een van die grootste bestaande stambome, en dit word deur DNA gesteun. Ghengis se grootse plesier was om stede af te brand, mans te vermoor en om hulle vrouens te verkrag. Dit was sy lewenstaak en hy was besonder bekwaam daarin. Hy het 'n groot span mense gehad wat alle vrouens in 'n dorp of stad deurgekyk het en die mooistes, bestes en edelstes vir Ghengis uitgesoek het en na hom toe gebring het. Hy het nie tyd verspil met fliek en goeie restaurante nie. Hulle reken dat hy honderde kinders gehad het - meer as enige ander persoon ooit.

"... hoe moontlik is dit, gesien teen die agtergrond dat die Britse Koningshuis ook beweer dat hulle stamboom tot by Adam strek, 153 geslagte dink ek. Asook Haile Selassie van wie beweer word dat sy stamboom tot by Salomo en vandaar tot by Adam terug gaan? Groete, Dirk"

Die logika is nie te sleg nie. 150 geslagte is omtrent 50 eeue, of 5,000 jaar. Ek stel nou 'n wye hipotese, gebaseer op die skeepsreis wat gelei het tot die vestiging van Hawaii. Gestel dat 'n groep mense per boot van een kontinent (Atlantis?) na 'n ander is, en dat slegs twee die reis oorleef, Adam en Eva. Die reis word in die oorvertelling verloor, en van hulle twee word verklaar dat hulle nie ouers gehad het nie. Hulle was die eerste van ons mense. Die kort stamboom tussen hulle twee en die leiers van hulle gemeenskap word mondelings oorvertel, en wanneer konings verskyn word die stamlyn belangriker. In die end word dit op skrif opgeneem, en later in die Bybel oorgeskryf. So kan drie duisend jaar moontlik verklaar word.

Die geskiedenis van die koningshuise van Europa is vir die afgelope 1200 jaar goed gedokumenteer. Die enigste moeilike stukkie is die eerste 800 jaar na Christus. Van al die biljoene stamlyne wat moontlik is, is dit nie

onmoontlik dat een of twee stamlyne volledig gedokumenteer is nie.  
In die  
end is dit is net die uitsonderings wat regtig tel.

Groete,  
Francois

---

Francois Greeff, 36 Aston Road, London, SW20 8BE, United Kingdom  
Phone: 0044 20 8123 4224. Mobile 0044 79 6372 2345. Skype:  
Greefffrancois.  
Greeff Family Web Site: <<http://www.Greeff.info>> [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

From: Ernest Bessinger [mailto:[ernestbes@gmail.com](mailto:ernestbes@gmail.com)]  
Sent: 21 October 2010 08:01  
To: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
Subject: RE: [SA-Gen] Stambome

My probleem is dat hoe meer ek invoeg in my my voorgeslagte hoe wyer  
(meer  
mense) word my voorgeslagte. Hoe kry ek dit vernou om net Adam  
(soner Eva)  
in te kry? En wat maak ek met al die ander mense? Gaan hulle ook  
terug na  
Adam? Nee, my IK is te hoog om dit te verstaan :-)  
Groete  
Ernest Bessinger

-----Original Message-----

From: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
<<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>>  
[<mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com>  
<<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>>  
] On  
Behalf Of knersvlak  
Sent: 20 October 2010 14:04  
To: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
<<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>>  
Subject: [SA-Gen] Stambome

Goeie middag vriende.  
Ek weet julle sal nou lag hiervoor, maar die ander dag vertel 'n  
vriend van  
my dat 'n man aan hom vertel het dat hy sy stamboom tot by Adam  
terug

gespoor het :-). Wat dink julle daarvan, hoe moontlik is dit, gesien teen die agtergrond dat die Britse Koningshuis ook beweer dat hulle stamboom tot by Adam strek, 153 geslagte dink ek. Asook Haile Selassie van wie beweer word dat sy stamboom tot by Salomo en vandaar tot by Adam terug gaan?  
Groete  
Dirk

7. COETZER INLIGTING EN RAAISEL  
Posted by: "Rassie" rassie100@gmail.com  
Thu Oct 21, 2010 9:54 am (PDT)

Beste Lyslede wat in Coetzer belangstel.

Ek het vroer vandag meer inligting oor Jacob se ouers en oupa na die sastamouers webblad gestuur.

Maar nou is daar 'n interessante vraag.

Jacob se ma was Susanna Weiss, die dogter van Hans Weiss van Kamnitz.

In 1670, toe Susanna alreeds ongeveer 3 jaar oud was, sterf daar 'n Hans Weiss in Kamnitz. By die verdeling van sy boedel erf sy twee seuns, Hans en Mertin sy plaas. In die dokument waarmee die verdeling van die boedel voor die gereg bevestig is, word egter ook genoem dat een van die getuies Hans Weiss (junior) heet en dat hy ook uit Kamnitz was.  
(Bronne: Die Kerkregisters van Reichstadt en die Geregsboeke van Reichstadt/Kamnitz).

Mens het hier dus duidelik met drie verskillende Hans Weisse te doen, maar die vraag is nou watter een van die drie was Susanna se pa?

Indien dit die Hans is wat die plaas geerf het, beteken dit dat Susanna se oupa ook Hans was.

En indien dit Hans (Junior) was dan was Hans wat in 1670 oorlede is haar oupa-grootjie en kon dan een van die broers wat die plaas geerf het (Hans of Mertin) haar oupa gewees het .

Dit sou natuurlik lekker wees om te dink dat dit Hans (junior) was want dan kan mens hierdie voorouerlyn van Jacob Coetzer met ander woorde nou 4 geslagte van hom af verder aandui. Maar mens kan ook seker nie uitsluit dat dit moontlik Hans die plaaserwer was nie. En dan moet mens seker ten laaste ook toegee dat die Hans wat in 1670 oorlede is moontlik nog op sy oudag 'n ramkat kon gewees het.

Hoe nou gemaak met hierdie raaisel?

Groete  
Rassie

8a. Re: Mazureth  
Posted by: "Ingrid" [icloete@lantic.net](mailto:icloete@lantic.net) cloeteingrid  
Thu Oct 21, 2010 11:33 am (PDT)

David

Ek het 'n Johanna Margritha MAASTRECHT(MASURET ,Maastricht) in my familie,  
gebore 9 Feb 1858 te Warmwater Montagu, getroud 1876 met Johannes Izak RAATS  
te Robertson, oorlede 13 Jul 1902 Robertson sy was die dogter van Carel  
Frederik MASURET en Martha Elizabeth BRUWER.

Die van se spelling was verskillend, so probeer MAASTRECHT, MASURET en  
Maastricht

Hoop dit help

Ingrid Cloete

From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:[SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)] On  
Behalf Of David Le Roux  
Sent: Wednesday, October 20, 2010 2:38 PM  
To: SAGenealogie@yahoogroups.com  
Subject: [SA-Gen] Mazureth

Twee Le Rouxs van die Robertson omgewing is in die laat 1800's met persone met die van Mazureth getroud. Die telefoonboek wys geen Mazureths in SA nie.  
Is iemand bekend met hierdie van en die oorsprong van hierdie twee persone?  
Groete

David

9. (Koerant) Beeld 20 Okt. 2010  
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Oct 21, 2010 11:55 am (PDT)

LEMMER; Joey \* 25/06/1931 + 09/10/2010. Gedenkdiens: Eden Village Aftree-oord, Brendwoodpark Straat, Brendwoodpark, Benoni, Gauteng provinsie,  
22/10/2010, 14:00. Private Verassing. (Beeld - 209/10/2010) Doves Begrafnisdienste, Bellville, Kaapstad, Wes-Kaapprovinsie, 021-948-5531.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

10. (Koerant) Beeld 21 Okt. 2010  
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Oct 21, 2010 12:04 pm (PDT)

NN; Tashie + 21/10/2007. Jy sal altyd bly lewe in ons harte, Daddy, Mamma en Jennilee. (Beeld - 21/10/2010)

Ek vermoed dit is dieselfde persoon??

((DELPORT; Natasha (20). Roudiens: NG Kerk, Tygerpoort, net buite Silver Lakes, Pretoria, 26/10/2007, 10:00. Sal onthou word deur Dadda, Mamma en Jennilee. (Beeld - 24, 25/10/2007))

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

11a. Re: Snyman en vraag oor bestaan van artefakte by Solms.  
Posted by: "Reon Meij" reonm@vodamail.co.za  
Thu Oct 21, 2010 12:47 pm (PDT)

Hello Isebelle,  
Dalk het jy my verkeerd verstaan. Ek het nie 'n probleem daarmee dat daar ou artefakte gevind is nie, maar iemand het die kat aan die stert beet met die syfer van 6 miljoen jaar. Navorsing by "Die Wieg van die Mensdom" (Sterkfontein) toon dat die eerste menslike artefakte tussen ±2,5 en 3 miljoen jaar gelede gemaak is.  
Groete  
Reon Meij

----- Original Message -----

From: Isebelle Krauss  
To: reonm@vodamail.co.za  
Cc: sagenealogie  
Sent: Thursday, October 21, 2010 7:39 AM  
Subject: [SA-Gen] Snyman en vraag oor bestaan van artefakte by Solms.

Wel , in die Magaliesberg omgewing is artefakte gevind wat ook gedateer is,  
en tans is daar n nuwe persoon wat bykkans elke dag nog artefakte vind wat oor baie baie jare strek...  
en ja wie of wat ook al die omgewing bewoon het, weet ek nie...het ek was self verbaas, maar dit is wetenskaplik bewys.  
verwys na Mj. Meaker se uitstalling by Albany Museum, haar manuskripte by Wits Univesiteit, en dan die materiaal by die verskillende uitstallings in museums



en ander instansies, Wits Universiteit, en die Erfenis plek in die Hekpoort omgewing.....dit is meestal klip gereedskap, eers groot en dan latere jare het die gereedskap fyner geword... by Solms is party van die lemme gemaak uit klip vlymskerp.....

Ek besef nou wat hierdie snaakse klippies ook op ons plaas in die Vrystaat was, ons het gedink dit is skerwe van rotse, ja skerwe was dit wel, maar mens?

gemaak.en as julle dalk net na die Discovery kanaal kyk, met geskiedenis, en die een getitel Earth investigated, sal men verbaas wees wees ek glo aan die Skepping maar kon ons nog ooit n jaartal op ons Vader se tydtafel bepaal?...ek weet nie wie of wat of presies wanneer nie , ek is nie n argeoloog nie, maar ons het artifakte hier in ons kantoor gesien wat tussen 2 miljoen jaar en n duisend jaar dateer , almal gemeng, in n rivier in die Magaliesberg omgewing (naby die "cradle of humankind" gevind is...en dit is gedateer deur mense wat weet waarvn hulle praat.

Die nuutste een wat Gavin Vetten (Meaker se agterkleinseun) gevind het het ek Sondag gesien, miljoen of meer jare...

Ek kan dit nie verklaar nie, maar die teorie bestaan dat daar selfs bewyse is in die verskillende rotslae en grondlae van die vloed in Noah se tyd, aangesien die verskillende periodes se artifakte (en onder artifakte resorteer dan ook gereedskap) in n sekere laag gemeng is, wat beteken dat daar n groot watervloed moes gewees het...

Daar was wel wesens wat kon dink, wat wapens en hamers en meulklippe kon maak op die aarde. Finland , en die Pole het ook bewyse van bestaan...

Laat ek dit duidelik stel, ek is nie n argeoloog nie, ek glo nie aan Darwin se teorie van evolusie nie, maar die feite bestaan dat daar denkende wesens op die aarde was, of dit ons oerouers volgens Bybel was, en ons die jaartalle roor die jare verkeerd bereken het, dit weet ek nie, sal mens net met DNA toetse kan bewys.....en bittermin menslik oorblyfsels is gevind , behalwe in die areas soos ek dit genoem het, Skandinawiese lande, versal in Poland, verwys na die

mummie wat daar gevind is en die ander menslike oorblyfsels (het jy geweet van die reuse) ens. Ek is ook nie eers seker van ander lande nie Isebelle

27 954 6666 h  
082 851 5648 mobile  
011 645 1606 office

12a. Weer Alba BOUWER  
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za sjdp1951  
Thu Oct 21, 2010 12:56 pm (PDT)

Goeienaand uit Potch,

Vir Alba BOUWER belanstellendes - hiermee aanvullende inligting oor haar "uitgebreide familie". Die inligting het ek ontvang van 'n Alba BOUWER aanhanger (Nie op die lys nie en sy wil nie haar naam vermeld hê nie -Indien iemand dus die inligting gebruik is SAGen die aangwese verwysing)

Ouers:  
Adriaan Johannes BOUWER Ca -.1.1883 + Vredefort 4.11.1921 (Plaas Klipplaat)  
x Kaapstad 20.1.1919 Alberta Magdalena ZEEMAN \*27.9.1892 +26.9.1977 Begr.  
Strooidakkerk Paarl (Alberta Zeeman xx Kroonstad 6.4.1926 Johannes Christoffel NEL \*Vredefort Ca -.11.1893 op die plaas Brakfontein + Vredefort  
7.7.1932 op die plaas Spesbona (Uit 2e huwelik is gebore Hendrik Frederik NEL\*17.3.1927)

Kind uit eerste huwelik:  
Albertina (Alba) Magdalena BOUWER \*Vredefort 16.3.1920 ~ Vredefort 9.5.1920  
+5.10.2010 Somerset-Wes Begr te Riversdal 12.10.2010 x Kaapstad 1.7.1963  
Hubert COETZEE (Wewenaar van Roelna van ROOYEN) en twee kinders is vir die egpaar gebore naamlik Leon en Annalette - verdere inligting onbekend.

Alba xx Kaapstad 6.9.1975 Jan Hendrik HOFMEYER \*Willowmore 25.4.1911

+1.2.1999.

Jan Hendrik HOFMEYER was voorheen getroude met Rachel Isabella Gordon van der

MERWE \*27.2.1917 +9.9.1969 en 5 kinders is uit die huwelik gebore: Servaas

Alexander, Nicolaas Johannes, Jan Hendrik, Marthinus Theunis Steyn en Francois van der Merwe. Rachel van der MERWE was die dogter van Dr. Nicolaas

Johannes van der MERWE en Sen. Isabella Gordon STEYN - kleindogter van Pres Steyn).

Groete,

Simon.

-----Original Message-----

From: SAGenealogie@yahoogroups.com  
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On  
Behalf Of B. Leach  
Sent: 18 October 2010 08:33 PM  
To: SAGenealogie  
Subject: [SA-Gen] Alba Bouwer

Beste lede,

Alberta Magdalena (Alba) BOUWER\*16-3-1920 Vredefort OVS + 5-10-2010 was die dogter van Adriaan Johannes BOUWER\*1882 Klipplaat, Vredefort, OVS +4-11-1921 en Alberta Magdalena ZEEMAN\*1884.

Adriaan Johannes\*1882 was die seun van Adriaan Johannes BOUWER\*21-11-1849 Marico dis +3-2-1927 Klipplaat, Vredefort en Johanna

Cornelia VAN ROOYEN\*1858 +10-7-1926 Vredefort.

Hy was die seun van Petrus Frederik Barendse BOUWER\*30-10-1815 Somerset

Oos +5-10-1884 Kroonstad en Rachel Maria MULLER\*2-11-1814 + 17-12-1863

Ek het nie veel inligting oor haar eerste huwelik met Hubert Coetzee nie. Haar tweede huwelik is op 6 Sep 1975 met Jan Hendrik HOFMEYER\*25-4-1911 + 1-2-1999, 'n prokureur van Riversdal. Hy was die

seun van Servaas Alexander Bernard HOFMEYER\*3-5-1873 en Margaret Maria

WATERMEYER\*8-5-1880.

groete,

barend leach

13a. NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR  
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com  
danielmalanjacobs  
Thu Oct 21, 2010 1:45 pm (PDT)

Beste Vriende

Ek lees in The Argus van 20 Oktober die volgende: "Research done by the Stellenbosch University has been made freely available to the public the university has announced" Sien <http://scholarsun.ac.za>

By wie sou die kopiereg van tesse berus? Daar is die wonderlikste tesse (en ook baie van hulle) geskryf waarvan daar slegs in die betrokke Universiteitsbiblioteek, pligleweringsbiblioteke, by die navorser en dalk op nog enkele plekke 'n paar kopiee beskikbaar is.

Ek dink bv. aan Dr Joan Prins se streeksgeskiedenis van die Westelike Overberg (haar MA en doktersgraad het daaroor gehandel) wat 'n magdom kultuurhistoriese inligting oor Caledon, Bredasdorp ens bevat. Oor Jan Viljoen van Vergenoeg in die Zeerust-distrik wat die buurman was van my voorouer Daniel Johannes Malan (geb 1823) is deur Prof Jackie Grobler van Tukkie 'n doktersgraad geskryf en ek kon nie eers in die Nasionale Biblioteek, Kaapstad - wat 'n pligleweringsbiblioteek is - 'n kopie te siene kry nie.

My vermoede is dat die kopiereg by die navorsers berus en dat as hulle, hulle tesse digitaal laat beskikbaar stel soos wat nou op die US-webtuiste gebeur, die US eers hulle toestemming moes verkry het.

Groete

Daniel Jacobs

--

[www.gendata.co.za](http://www.gendata.co.za)

Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)  
Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)  
Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)  
Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)  
De Vos (De Doorns/Wellington)  
Malan (Wellington/Zeerust)  
Ungerer (Swellendam)  
Smith (Wellington)

13b. Re: NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR  
Posted by: "Faan Naude, Rietfontein, PRETORIA" faann@icon.co.za  
Thu Oct 21, 2010 8:41 pm (PDT)

Beste Daniel

Gewoonlik besit die universiteite die outeursreg op verhandelinge en proefskrifte en omdat die dokumente nie gepubliseer is nie, word daar nie pligeksemplare gelewer nie. 'n Eksemplaar van professor Grobler se verhandeling oor Jan Viljoen is in die Spesiale Versameling van die Merensky Biblioteek van die Universiteit van Pretoria.

die besonderhede volg na my boodskap.

Groete

Faan

Author Name Grobler, Jackie  
Title Jan Viljoen : 1812-1893 : 'n Transvaalse Wesgrenspionier /  
deur John Edward Holloway Grobler.  
Publisher 1976.

Rating Rating

Persistent link to this title  
LOCATION CALL NO STATUS NOTE  
Spec Coll UP Pub L5 ZAPROUV 968 Viljoen GROBLER ---

Details

Phys Descr 332 leaves, [2] leaves of plates : [2] maps, [2] ports. ;  
30 cm.

Notes Summary in English and Afrikaans.

Typescript.

Thesis Thesis (M.A.)--University of Pretoria, 1976.

Notes Bibliography: p. 317-328.

Subject Marico -- History.

----- Original Message -----

From: Daniel Jacobs

To: sagenealogie ; BUITENPOSTEN

Sent: Thursday, October 21, 2010 10:45 PM

Subject: [SA-Gen] NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR

Beste Vriende

...

Oor Jan

Viljoen van Vergenoeg in die Zeerust-distrik wat die buurman was van my voorouer Daniel Johannes Malan (geb 1823) is deur Prof Jackie Grobler van Tukkies 'n doktersgraad geskryf en ek kon nie eers in die Nasionale Biblioteek, Kaapstad - wat 'n pligleweringsbiblioteek is - 'n kopie te siene kry nie.

...

Daniel Jacobs

13c. Re: NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR  
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn  
Thu Oct 21, 2010 11:15 pm (PDT)

Hi Daniel.  
Verwys na jou "link" Daar moet 'n . (Dot) tussen die scholar en sun kom. <http://scholar.sun.ac.za>

Groete.  
Louis Hurn  
Durban North. South Africa  
Navorsing in; Researching; Hurn, Kotze, Bester, Bossert, Fella, Priest, Buck, Manders and relevant families. En verwante families

-----

13d. Re: NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR  
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn  
Thu Oct 21, 2010 11:16 pm (PDT)

Ekskuus net een h.  
Louis Hurn  
Durban North. South Africa  
Navorsing in; Researching; Hurn, Kotze, Bester, Bossert, Fella, Priest, Buck, Manders and relevant families. En verwante families

-----

14.1. Voorgeslagte

Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org johann.hanekom

Thu Oct 21, 2010 1:49 pm (PDT)

Hallo Lysvriende

Ek tel onder my voorgeslagte geen roemryke volksleiers nie - wanneer dit by Groot Trekke, Dorslandtrekke en ander groot gebeurtenisse in die SA geskiedenis kom, skitter my voorsate in hulle afwesigheid. Dit is so half of daar 'n houding was van 'Man, gaan vang jou shine op 'n ander plek, ek gaan nie jou appel poleer nie'. En tog is daar HANEKOMs wat ook opgeteken is omdat hulle bereid was om te offer vir dit waaraan hulle glo - as was hulle aan die verkeerde kant in die politiek.

Baie families roem op hulle adelijke afkoms, hulle verbintnisse aan koningshuise en so meer, en kan aanspraak maak op fênsie familiewapens. Ons het ook glo een, maar sien, ek kan nou aan almal verkondig dat ons wapen wat in die 40's in die Brandwag verskyn het eerder 'n logo vir die familie is as 'n familiewapen, want onse Jürgen se pa was 'n maplotter, plein en simpel.

Tydens my hoendervleis besoek aan Rathlosen waar Jürgen gebore is, het hierdie feit klinkklaar onder my aandag gekom. Rathlosen is 'n klein boeregemeenskap waar omtrent 600 mense nog steeds bly, en as 'n mens die kaart van die omgewing beskou wat in die tydperk 1741-1769 opgestel is, en dit met die nuutse een vergelyk, moet jy mooi kyk om die verskil te sien.

Een van die uittreksels uit geskiedkundige dokumente (bron nog onbekend) wat ek daar te siene gekry het, is 'n lysie van grondbesitters in die jaar 1677.

Een van hulle was Hand-Kotter Jürgen HANNEKUM, wat ek nou vermoed die oupa was van onse Jürgen. 'n Ander een was ene Vollmeier Johann RABBE (daar woon nog steeds van sy nasate in Rathlosen), en so was daar nog 'n paar Vollmeiers genoem.

Ek het nog nie vantevore hierdie terme raakgeloop nie, en moes eers tuis kom navorsing doen voor die klokke gelui het. Dit mag dalk ou nuus wees vir sommige lyslede, maar wat ek uitgevind het mag dalk vir ander ook interessant wees.

In die lande waaruit Duitsland ontstaan het, was 'n boer blykbaar tot laat in die 18e eeu nie eenvoudig 'n 'boer' genoem nie, wil dit voorkom, maar was daar 'n taamlik formele sosiale rangorde of struktuur in die boeregemeenskap, gebaseer op die vryheid van die persoon, sy welvaart en sy eiendomsbesit. Soos in meeste ander lande van die tyd het die grond behoort aan die Heilige Romeinse Keiser, konings, adelikes aan wie hulle dit uitgedeel het, ens.

Om enigsins iemand te wees in die gemeenskap, moes die boer ten minste 'n sekere hoeveelheid grond 'besit' het en genoeg trekdiere om sy grond te bewerk en ploegdienste aan die landheer te kon verskaf. So was benamings soos Anspanner, Ausspänner, Pferdner of Hűfner in algemene gebruik, aldus die Oeconomischen Encyclopädie (1773 - 1858) van J. G. Krűnitz. Die ander manier dienste verrig het en slegs 'n klein stukkie of geen grond besit het, wat in hutte gewoon het en van groente en vrugte geleef het was algemeen bekend as Hintersassen, Handftűhner, Cothsassen, of Cossäten, Gartner, Hűsler, Hausgenossen.

Sommige boere was nie onderworpe aan die adel nie, maar direk aan die Heilige Romeinse Keiser, en hulle het bekend gestaan as ryksboere (Reichsbauer).

Naas hulle het die hoogste status behoort aan die sogenaamde vryboere (Frei-Bauer, Meier of Freimeier). Hulle het hulle eie grond besit en was nie



onderhewig aan knegskap nie , maar nietemin onderworpe aan die outoriteit van die plaaslike graafskap, hertogdom, stad, ens, aan wie hulle belasting betaal het. Na gelang van hulle status en aard van hulle vryheid was hulle bekend as Amtsfreien , Hagenfreien en die "simpliciter Freien"

Hulle is gevolg deur die pagboere (Pacht-Bauer, Lands-Adler of Höfner), wat hulle ploegland, weigrond en, woning van die plaaslike outoriteit ontvang het. Daar is geen diens van hulle verwag nie, slegs hulle jaarlikse pag.

Ander moes benewens hulle belasting ook nog ploegwerk doen, of handarbeid aan die landheer verskaf. Hulle is verder verdeel in verskeie klasse, na gelang van die grootte van hulle grond en die aantal perde wat hulle beskikbaar kon maak vir ploegwerk, en met benamings soos Vollmeier (4 perde), Halbmeier (2 perde) en Viertelmeier (1 perd). Die jaarlikse belasting wat elk moes betaal is baseer op hierdie verskillende klasse van boerdery. Johann RABBE van Rathlosen was een so 'n Vollmeier wat 4 perde besit het.

Soms was die werk egter te veel vir een familie om te hanteer, en het hulle gebruik gemaak van kleinboere (Köttner of Kätner) om te help. Hulle het gewoonlik ook huisvesting ontvang, tesame met 'n stukkie grond waarop hulle 'n groentetuin kon aanlê vir eie gebruik, en dalk ook 'n stuk grond waarop hulle self kon boer. In ruil hiervoor moes hulle elke dag arbeid verskaf op die landgoed wat aan die landheer behoort het. Dit was nie net om die lande te bewerk nie - vele van hulle het ander handwerk verrig , vee opgepas, en so meer. Na gelang van die grootte van hulle grond is hulle onderskei met benamings soos Groß-, Mittel-, Eget- , Straßen- en KleinKötter. Netsoos vir pagboere is die jaarlikse belasting wat elk moes betaal baseer op hierdie verskillende klasse van boerdery.

Hand-Kotter Jürgen HANNEKUM was een van hierdie klas boere - in plein

Afrikaans dus eintlik 'n bywoner wat handarbeid vir die landheer moes doen.  
Ek weet nie of hy enige perde gehad nie, maar volgens die eiendomsregister het hy meer grond besit as meeste van die Vollmeier. Ten spyte van sy nederige klas was hy dus relatief welaf, en ek kan maar net aanneem dat hy 'n flukse en suksesvolle boer was, net soos sy kleinseun later aan die Kaap.  
Tewens, in die eiendomsregister van 1880 besit ene Köthner Heinrich HANNEKUM nog steeds die familieplaas, en twee verdere plase as Neubauer. Dit is 'n term wat ontstaan het na die grondhervorming, toe boere eiendomsreg op hulle plase ontvang het, en dit aan hulle nasate kon bemaak

Die grootte an eiendomme het verskil van streek tot streek, maar 'n Vollmeier het gewoonlik 3-4 Fudersaat (24-32 hektaar) akkergrond besit, benewens grasveld, weiveld en plantasies. Elders is die grootte van die akkergrond uitgedruk in Morgen, waar een Morgen die grootte was van 'n stuk grond wat in een oggend met 4 perde omgeploeg kon word (soos almal seker reeds weet). Na gelang van die aard van die grond het die grootte van 'n Morgen van streek tot streek verskil. In die noorde, waar die grond sanderig was, kon 'n Morgen dubbel so groot wees as elders. Die basiese beginsel van die toedeling was in elk geval dat die boer en sy familie hulleself volledig moes kon onderhou uit hulle boerdery, en hulle verpligtinge t.ov. belasing en diens moes kon nakom.

Op 'n laer vlak was daar verder die gewone arbeiders (Insten) wat al die werk verrig het. Hulle was almal verkneg, en het gewoonlik net 'n hut bekom om in te woon, of ook gedeelde huisvesting, asook genoeg grond vir 'n groentetuin. Hiervoor moes hulle ten minste twee dae per week op die landheer se eiendom werk - die res van die tyd kon hulle teen beloning vir die Höfner werk. Hulle het hoofsaaklik ongeskoolde arbeid verrig, geen verdere opvoeding ontvang nie, 'n karige loon daarvoor ontvang, en onder haglike omstandighede geleef. Sels na die opheffing van knegskappe in 1805

het hulle werksomstandighede kwalik verbeter .

Knegte en diensmeisies was die laagste sosiale vlak in die gemeenskap. Seuns het gewoonlik reeds op 6-jarige ouderdom as ganswagters vir die boere of kleinboere begin werk, en daardeur hulle maaltye verdien. Hulle kon mettertyd opwerk deur kleinjonge en dan grootjonge te word, en dan op 20-jarige ouderdom 'n kleinkneg, en op 25-jarige ouderdom grootkneg, met 'n jaarlikste inkomste van sowat 40 mark.

Meisies het in die rëel as diensmeisies gewerk in die kombuise en in die sogenaamde 'Höllandereien'. Hierdie benaming het ontstaan as gevolg van groot aantalle Hollandse vlugteling wat instrumenteel was in die vestiging van 'n melkerybedryf. Die meisies moes omsien na die koeie, hulle voer en melk, en dan die melk verder verwerk na kaas, botter en ander suiwelprodukte - gewoonlik onder toesig van die boervrou. Hulle moes dikwels ook nog omsien na die varkboerdery. Hiervoor het hulle 10-12 mark per jaar ontvang, en in baie klein kamertjies gewoon , sonder veel vryheid of sosiale lewe.

Wanneer 'n verknegte man etlike jare as grootkneg gewerk het, kon die boer hom na goeddunke toestemming gee om te trou, vir hom 'n vrou onder die diensmeisies kies, en hom dalk ook as arbeider iewers aanstel.

Uit dit alles het dit vir my duidelik geword dat die HANEKOM familie harde werkers was, wat hulle vermoëns doeltreffend benut het in die beroepe wat hulle gekies het - sy dit boere, kunstenaars, medici, ingenieurs, wetgeleerdes, dosente, regeringsamptenare en wat ook al.

Tog 'n herkoms om op trots te wees, ten spyte van ons nederige agtergrond

Groete

Johann

15a. Blennerhasset

Posted by: "ElanaK" ElanaK@nda.agric.za elanakitching

Fri Oct 22, 2010 1:00 am (PDT)

Goeidag,

Ek het toevallig bogenoemde van nagegaan vir 'n navraag wat ek ontvang het. Ek het toe op onderstaande webblad afgekom. Ek gee dit deur indien iemand daar voordeel kan trek uit.

<http://www.blennerhassettfamilytree.com>

"Adventures in Mashonaland"

Rosanna "Rose" A. Blennerhassett  
Lucy Anna Louise Sleeman  
Beryl Welby

Hoop iemand kan dit gebruik.

Groete  
Elana

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 4553

Datum: Fri Oct 22, 2010

Daar is 14 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Emmerentia van Rensburg From: Annelie Els
- 2a. Re: NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR From: fh\_kriel
- 2b. Openbare Beloning: R500 From: Francois Greeff
- 3. (Koerant) Beeld 22 Okt. 2010 From: Fanie Blignaut
- 4a. Re: SCHIETEKAT & STRYDOM From: Johan Brink
- 5a. Wepener begrafplaas - Dykman x Eckley From: stoffel.willemse@gmail.com
- 5b. Re: Wepener begrafplaas - Dykman x Eckley From: Johann H Claassen
- 5c. Re: Wepener begrafplaas - Dykman x Eckley From: stoffel.willemse@gmail.com
- 5d. Re: Wepener begrafplaas - Dykman x Eckley From: Hetta Scholtz
- 5e. Re: Wepener begrafplaas - Dykman x Eckley From: Hetta Scholtz
- 6a. Treurnichts van Piketberg From: Francois Smith
- 6b. Re: Treurnichts van Piketberg From: Hendrik at Loogkolk
- 7a. Re: Mazureth From: lgr
- 7b. Re: Mazureth From: Dennis Pretorius

1a. Emmerentia van Rensburg  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Fri Oct 22, 2010 3:10 am (PDT)

Hallo Almal,

Ek glo dat Dennis my hiervoor sal vergewe.

Ek het vir Emmerentia by die Argief raakgeloop. Haar behandeling loop baie suksesvol af. Sy het nog 'n pad om te loop maar dit gaan in die omstandighede goed met haar. Onthou haar nog in jul gebede.

Sy neem weer so nou en dan navorsing in maar niks GROOTS nie. Die chemo het haar oogvliese aangetas en sy sukkel om te lees. Alles gaan baie stadig. Sy en die rekenaar is nog glad nie pëlle nie.

Groetnis

Annelie Els

Pretoria.

My Grootjies (Pa):-Heever x Stassen & Liebenberg x Badenhorst

(Ma):-Vrey x Scott & Viljoen x vd Berg

Paul se Grootjies (Pa):- Els x Schalkwyk & Badenhorst x Engelbrech

(Ma):- Els x Vermaak & Rainer x Bruyns

2a. Re: NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR

Posted by: "fh\_kriel" erikk@mintek.co.za fh\_kriel

Fri Oct 22, 2010 4:38 am (PDT)

Hi Daniel en ander

Dissertasies (M grade) en thesisse (D grade) is al vir geruime tyd beskikbaar op die universiteits biblioteke se webwerwe. Die universiteite vereis deesdae dat jy nie net gebinde kopie vir hulle gee nie maar ook 'n kompak skyf met die thesis in pdf vorm.

Waar ek werk het ons verskeie studente wat ons nagraads ondersteun en indien die thesis iets bevat wat ons dalk sou wou patenteer, moet ons eksplisiet vir die universiteit vra om dit uit die publieke ruimte uit te hou.

Die universiteit behou die reg om dit te publiseer. So is byde my M.Sc. (2003 RAU - nou UJ) en Ph.D. (2008 Wits) beskikbaar op die internet in pdf vorm by die verskeie universiteite. So ver ek weet het die meeste biblioteke in SA ook nou begin om ouer thessise te digitaliseer en beskikbaar te stel op hulle webwerwe.

Tegnies gesproke sou Martinus Jordaan se thesis oor die Jordaan familie ook op die UOFS biblioteek se webwerf beskikbaar moes wees, maar ek is seker hy het die Universiteit versoek om dit te weerhou.

Indien jy weet na wat jy soek kan mens die thessise maklik opspoor met scholar.google.co.za - dit soek deur die universiteits biblioteke ook.

Groete  
Erik Kriel

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, Daniel Jacobs  
<danielmalanjacobs@...> wrote:  
>

> Beste Vriende  
>  
> Ek lees in The Argus van 20 Oktober die volgende: "Research done  
by  
> the Stellenbosch University has been made freely available to the  
> publicn the university has announced" Sien <http://scholarsun.ac.za>  
>  
> By wie sou die kopiereg van tesse berus? Daar is die  
wonderlikste  
> tesse (en ook baie van hulle) geskryf waarvan daar slegs in die  
> betrokke Universiteitsbiblioteek, pligleweringsbiblioteke, by die  
> navorser en dalk op nog enkele plekke 'n paar kopiee beskikbaar  
is.  
>  
> Ek dink bv. aan Dr Joan Prins se streeksgeskiedenis van die  
Westelike  
> Overberg (haar MA en doktersgraad het daaroor gehandel) wat 'n  
magdom  
> kultuurhistoriese inligting oor Caledon, Bredasdorp ens bevat. Oor  
Jan  
> Viljoen van Vergenoeg in die Zeerust-distrik wat die buurman was  
van  
> my voorouer Daniel Johannes Malan (geb 1823) is deur Prof Jackie  
> Grobler van Tukkies 'n doktersgraad geskryf en ek kon nie eers in  
die  
> Nasionale Biblioteek, Kaapstad - wat 'n pligleweringsbiblioteek  
is- 'n  
> kopie te siene kry nie.  
>  
> My vermoede is dat die kopiereg by die navorsers berus en dat as  
> hulle, hulle tesse digitaal laat beskikbaar stel soos wat nou op  
die  
> US-webtuiste gebeur, die US eers hulle toestemming moes verkry  
het.  
>  
> Groete  
>  
> Daniel Jacobs  
>  
>  
> --  
> [www.gendata.co.za](http://www.gendata.co.za)  
>  
> Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)  
> Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)  
> Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)  
> Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)  
> De Vos (De Doorns/Wellington)  
> Malan (Wellington/Zeerust)  
> Ungerer (Swellendam)  
> Smith (Wellington)  
>

2b. Openbare Beloning: R500

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk

Fri Oct 22, 2010 10:27 am (PDT)

Beloning van R500 kontant, en twee weke gratis verblyf vir twee in Londen.

Ek bied hiermee 'n openbare beloning aan vir die eerste persoon wat wat 'n afskrif (met bron verklaring) van een of die ander verskaf:

1. Die M-tesis hieronder
2. Die skets van Matthias Greeff

Iemand het 'n M Graad verhandeling oor Matthias Greeff gedoen en ek kry dit nerens nie. Ek onthou sekere dele van my gesprek met die vrou wat dit gedoen het kristal helder, en ander glad nie. Ek weet:

1. Dit was 'n vrou wat dit gedoen het.
2. Sy het in die Wes Kaap gewoon.
3. Ek het 'n kwart eeu gelede (tussen 1980 en 1990) met haar gepraat.
4. Ek vermoed sy was by Stellenbosch Universiteit (dalk Unisa, Kaapstad, ens)
5. Sy was Afrikaans sprekend.
6. Sy was bang om enige van "haar" inligting vir iemand te gee voordat haar skripsie gepubliseer is.
7. Sy het gesê dat sy 'n skets (tekening) van Matthias Greeff in die Kaapse Argiewe gekry het en dat die skets op 'n plek was waar niemand daarvoor sou soek nie.
8. Sy was 'n biblioteekkunde student.

Die beloning is R250 kontant vir die tesis of die tekening, of R500 vir beide. Die wenners kry ook twee weke gratis verblyf vir twee persone in my spaar kamer in Londen (een dubbelbed).

Wie sien kans vir my uitdaging?



Groete,  
Francois

---

Francois Greeff, 36 Aston Road, London, SW20 8BE, United Kingdom  
Phone: 0044 20 8123 4224. Mobile 0044 79 6372 2345. Skype:  
Greefffrancois.  
Greeff Family Web Site: <<http://www.Greeff.info>> [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

From: fh\_kriel [mailto:[erikk@mintek.co.za](mailto:erikk@mintek.co.za)]  
Sent: 22 October 2010 12:39  
To: [SAGenealogie@yahoogroups.com](mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com)  
Subject: [SA-Gen] Re: NUWE BRON: US NAVORSING OP INTERNET BESKIKBAAR

Hi Daniel en ander

Dissertasies (M grade) en thesisse (D grade) is al vir geruime tyd beskikbaar op die universiteits biblioteke se webwerwe. Die universiteite vereis deesdae dat jy nie net gebinde kopie vir hulle gee nie maar ook 'n kompak skyf met die thesis in pdf vorm.

Waar ek werk het ons verskeie studente wat ons nagraads ondersteun en indien die thesis iets bevat wat ons dalk sou wou patenteer, moet ons eksplisiet vir die universiteit vra om dit uit die publieke ruimte uit te hou.

Die universiteit behou die reg om dit te publiseer. So is byde my M.Sc. (2003 RAU - nou UJ) en Ph.D. (2008 Wits) beskikbaar op die internet in pdf vorm by die verskeie universiteite. So ver ek weet het die meeste biblioteke in SA ook nou begin om ouer thesise te digitaliseer en beskikbaar te stel op hulle webwerwe.

Tegnies gesproke sou Martinus Jordaan se thesis oor die Jordaan familie ook op die UOFS biblioteek se webwerf beskikbaar moes wees, maar ek is seker hy het die Universiteit versoek om dit te weerhou.

Indien jy weet na wat jy soek kan mens die thesise maklik opspoor met [scholar.google.co.za](http://scholar.google.co.za) - dit soek deur die universiteits biblioteke ook.

Groete  
Erik Kriel

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com  
<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>  
, Daniel Jacobs <danielmalanjacobs@...> wrote:  
>  
> Beste Vriende  
>  
> Ek lees in The Argus van 20 Oktober die volgende: "Research done  
by  
> the Stellenbosch University has been made freely available to the  
> publicn the university has announced" Sien <http://scholarsun.ac.za>  
>  
> By wie sou die kopiereg van tesse berus? Daar is die  
wonderlikste  
> tesse (en ook baie van hulle) geskryf waarvan daar slegs in die  
> betrokke Universiteitsbiblioteek, pliglewerigngsbiblioteke, by die  
> navorser en dalk op nog enkele plekke 'n paar kopiee beskikbaar  
is.  
>  
> Ek dink bv. aan Dr Joan Prins se streeksgeskiedenis van die  
Westelike  
> Overberg (haar MA en doktersgraad het daarvoor gehandel) wat 'n  
magdom  
> kultuurhistoriese inligting oor Caledon, Bredasdorp ens bevat. Oor  
Jan  
> Viljoen van Vergenoeg in die Zeerust-distrik wat die buurman was  
van  
> my voorouer Daniel Johannes Malan (geb 1823) is deur Prof Jackie  
> Grobler van Tukkies 'n doktersgraad geskryf en ek kon nie eers in  
die  
> Nasionale Biblioteek, Kaapstad - wat 'n pligleweringsbiblioteek  
is- 'n  
> kopie te siene kry nie.  
>  
> My vermoede is dat die kopiereg by die navorsers berus en dat as  
> hulle, hulle tesse digitaal laat beskikbaar stel soos wat nou op  
die  
> US-webtuiste gebeur, die US eers hulle toestemming moes verkry  
het.  
>  
> Groete  
>  
> Daniel Jacobs  
>  
>  
> --  
> [www.gendata.co.za](http://www.gendata.co.za)  
>  
> Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)  
> Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)  
> Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)  
> Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)  
> De Vos (De Doorns/Wellington)  
> Malan (Wellington/Zeerust)  
> Ungerer (Swellendam)

> Smith (Wellington)  
>

3. (Koerant) Beeld 22 Okt. 2010  
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Oct 22, 2010 5:17 am (PDT)

RAUBENHEIMER; Jacobus Francois Conradie, in lewe van Pretoria.  
Verassingsdiens: Lede in Christus Helderberg, 25/10/2010, 10:00.  
(Beeld -  
22/10/2010) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

VAN DER VYVER; Lomar. Baie dankie vir al die oproepe, besoeke,  
sms'e,  
kaartjies en gebede ter ondersteuning tydens die afsterwe van ons  
geliefde  
seun. Van der Vyver en Marais Families. (Beeld - 22/10/2010)

VAN VUREN; Gabriel Petrus, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NG  
Kerk  
Overkruin, Pretoria, 25/10/2010, 10:00. (Beeld - 22/10/2010) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

4a. Re: SCHIETEKAT & STRYDOM  
Posted by: "Johan Brink" johanbrink@maxitec.co.za  
Fri Oct 22, 2010 6:09 am (PDT)

Dankie Dan,

Ek hou duimvas dat daar dalk ander is wat hiermee sal kan help.  
Gelukkig is die SCHIETEKAT-probleem intussen opgelos!

Groete

Johan  
Melkbosstrand

----- Original Message -----

From: dan\_strydom  
To: SAGenealogie@yahoogroups.com  
Sent: Thursday, October 21, 2010 1:58 PM  
Subject: [SA-Gen] Re: SCHIETEKAT & STRYDOM

More Johan -  
Jammer - nog niks verder bekend oor Martha Cornelia Strydom in die Strydom-lys nie.

Groetnis  
Dan  
Lincoln, Nebraska

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Johan Brink" <johanbrink@...> wrote:

> 2. Johannes Francois (Jan) BRINK \*Villiersdorp 4.7.1912 +(72jr)  
Port Shepstone 24.12.1984 © veras {{sv Hendrik Johannes  
(14/15.6.1870-6.5.1941) en Elizabeth Gertruida née PIETERS  
(31.7.1871-15.2.1949)}} x [datum en plek?] Martha Cornelia (Corrie)  
STRYDOM \*[datum en plek?] +[datum en plek?], dv? [wie was haar  
ouers?], 3d

5a. Wepener begrafplaas - Dykman x Eckley  
Posted by: "stoffel.willemse@gmail.com" stoffel.willemse@gmail.com  
stoffel.willemse  
Fri Oct 22, 2010 10:07 am (PDT)

Lyslede,

Ek was gister so vinnig deur die Wepener begrafplaas en het toe op die volgende afgekom:

